# HOOFSTUK 3

# ’N ONDERSOEK NA DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK

***Ubi Christus, ibi ecclesia***

**"Waar Christus is, daar is die Kerk ook"**

## 3.1 INLEIDING

Die predikaat *identiteit,* van die Kerk (Latyn*: identitas; idem – om dieselfde te wees*) bepaal dat ’n beskrywing van die karakter van die Kerk direk verband hou met die wese van die Een uit wie die Kerk ontstaan - God. Die vraag na ‘WIE’ en ‘WAT’ die Kerk is – is in ’n vraag wat direk verband hou met die rede tot die Kerk se ontstaan en bestaan.

Schippers (1982b:191) beskou die identiteit van die Kerk as ’n meervoudige saak:

> Het gaat om een eenheid in veelheid. De veelheid ligt besloten in de existentialen van het gemeente-zijn die tevens anthropologische en culturele existentialen zijn. Daarin staat de gemeente fundamenteel voor de uitdaging van deze eeuw. De eenheid van de veelheid ligt in Jezus Christus, die niet a-maatschappelijk en a-politiek maar in een omvattend herderschap de richting wijst. Daarom heeft de gemeente een saamgestelde identieit nodig.

Die vraag na die identiteit van die Kerk raak haar bestaansdoel. Dit is volgens Nel (1994:21) duidelik dat wanneer ’n Kerk haar bestaansdoel verstaan en formuleer, daar ook ’n missie geformuleer kan word. Die formulering en daarstelling van ’n bestaansdoel behoort daarom alle aktiwiteite in die organisering van die Kerk vooraf te gaan. Oswald en Kroeger (1988:147) omskryf identiteit as “... that persistent set of beliefs, values, patterns, symbols, stories and style that make a congregation distinctly itself.”

Moltmann (1977:1) beskryf die Kerk as "the people of God" en verduidelik dat "[it] will give an account of itself at all times to the God who has called it into being, liberated it and gathered it". Verantwoordelike besinning oor die rede tot die Kerk se bestaan behoort allereers vanuit die Bybel begrond te word. Jesus Christus is die *terminus a quo* van die Kerk se wese en 'n poging om haar identiteit te omskryf.

Wat die Belydenisskrifte in terme van die Bybels-Reformatoriese tradisie oor die Kerk proklameer sal verder as vertrekpunt en basis dien. Kritiese vrae soos die volgende sou gevra kan word: Hoekom het God die Kerk daargestel? Wat was die Here se bedoeling met die Kerk in hierdie wêreld? Wat is haar taak en rol in die wêreld? Wat is die eienskappe en kenmerke van die Kerk wat haar eiesoortig maak? Lidmate moet daarin kan slaag om hul gedrag rondom 'n bepaalde identiteit te organiseer en te bou in plaas daarvan om gedrag slegs te organiseer ten opsigte van beleid en prosedure.

Teologiese besinning met betrekking tot die wese van die Kerk het drie belangrike dimensies: Die Kerk ten opsigte van God; die Kerk ten opsigte van mense en die Kerk ten opsigte van die toekoms. Die vraag na "wie ons regtig is" is 'n vraag wat in wese verband hou met die vorm wat die Kerk in die toekoms gaan aanneem. Kerklike strukture kan tog nooit sinoniem gestel word aan die wese en essensie van die Kerk nie.

In 'n poging om die identiteit van die NG Kerk te omskryf word 'n kritiese aanname gemaak:

> Ten einde ons identiteit te verstaan, moet ons terug kyk en vorentoe kyk ... (Agenda van die 13de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007:47.)

Hiermee word 'n tweeledige fokus gevestig: enersyds om die wortels van die tradisie in berekening te bring en andersyds die roeping te aanvaar vir Kerkwees in die toekoms:

> Ons identiteit word dus nie net in teologiese formuleringe gevind nie, maar ook in dit waartoe ons geroep word in Suid- Afrika en Afrika. Identiteit is dus nie iets staties nie, maar iets dinamies. Dit word gevind en geformuleer in die dinamiese dialektiek tussen teks en

> konteks, tradisie en roeping, verlede en toekoms, teologie en missiologie. Ons ware identiteit word steeds gevorm terwyl ons met die Ewige, Drie-enige, God op pad is. (Agenda van die 13de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007:47.)

Daar bestaan egter 'n groot gevaar dat wanneer die Kerk oor haar wese en bestaansdoel moet besin, daar eintlik oor die Kerk as institusie en haar vorm besin word. Dit sou verantwoordelike teologiese besinning wees indien ek vanuit hierdie bepaalde navorsingsperspektief doelbewus "out-of-the-box" denke toepas: "If the church were to ignore its social and political *Sitz im Leben* … then it would be forsaking the cross of its Lord and would be turning into the illusionary church, occupied merely with itself." (Moltmann 1977:342.)

Die Kerk is op sigself 'n paradoks. Aan die een kant is die Kerk 'n refleksie op die Koninkryk van God, maar steeds nog Kerk in-die-wêreld: "The Church will always have to present itself both in the forum of God and in the forum of the world." (Moltmann 1977:1.)

Die Kerk verteenwoordig God in die wêreld en verteenwoordig die wêreld voor God. Aan die een kant is die Kerk dus wêreldvreemd, maar aan die ander kant steeds wêreldgelyk: "Die Kerk se profetiese stem, haar andersheid, én eendersheid, durf nooit gekompromitteer te word nie" (Colloquium – 27-29 April 2006: Die Identiteit en relevansie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die begin van die 21ste eeu in Suid-Afrika. 'n Selfverantwoording). Ten opsigte van die identiteit van die Kerk bevestig Moltmann dat die uitdaging vir die Kerk op die volgende vlak lê: "The crucified Christ himself is a challenge to Christian theology and the Christian church, which dare to call themselves by his name." (1974:3.)

Jesus Christus is die wese van die Kerk. Die Kerk behoort inderdaad nie aan die lidmate van die Kerk nie. "Die Kerk is God se geskenk aan die wêreld waardeur Hy ter wille van die wêreld werk. Die roeping van die Kerk kan as Gestuurdes omskryf word." (Agenda van die 13de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007:14.)

Deur Sy Gees is Jesus die Een wat aan die Kerk lewe gee. Kasper (1977:254) verduidelik die woord *spirit* het in die Westerse samelewing dieselfde betekenis as *logos, nous, mens, intellectus, ratio*: met ander woorde *rede*, *verstaan*, *begrip* en *denke*. Teenoor hierdie betekenis staan die Hebreeuse en die Griekse woorde *ruach* en *pneuma*, wat in hul oorspronklike vorm dieselfde betekenis het as die Latynse begrippe *animus, anima en spiritus*. "What is meant is air in movement, wind, storm, breeze and, above all, breath. *Ruach/pneuma* consequently mean breath of life, vital force, vital principle. Not primarly the logical, but the dynamic and, in the original sense, the inspiring element is important." (Kasper 1977:254.) God alleen is en gee Lewe.

Martin, soos aangehaal deur Nel (1994:42), verduidelik die "gemeenskap van die heiliges" of die "gemeenskap van die mense wat weet dat hulle deur Christus aan die Vader behoort" (*communio sanctorum*) omsluit juis alles wat gelowiges in Christus "aan-mekaar-het" omdat hulle alles "aan-Christus-het". Die gemeente is 'n gemeenskap van mense wat saam deel het aan Jesus Christus en wat om dié rede deel kry (deel gee en deelneem) aan mekaar se lewens. Hierdie gemeenskap is teenwoordig "where concrete personal relations are established, and this can happen in the smallest concrete Community." (Weber 1983:532.)

Die vraag na die identiteit van die Kerk roep die Kerk opnuut tot verantwoording en gehoorsaamheid. Die Kerk is 'n simbool van God se "nuwe gemeenskap" en behoort daarom hierdie andersheid te reflekteer. Pannenberg (1998:411) bevind dat "… the function of the church as a sign of the future consummation of humanity in the Kingdom of God is so obscured by the way that its historical divisions and secularity contradict the attributes in which it believes that it is hard to see in the church that which it seeks to be according to its understanding of itself. Not in terms of itself but only in terms of the gospel can we say what the nature of the church is."

Die Kerk is 'n Godgegewe werklikheid en daarom word die oorlewing van die Kerk deur God alleen gewaarborg. Weber (1983:542) spreek die mening uit dat "What defines its essence is not its 'appearance', however impressive it

mat be, but God as the One who establishes it in eternity, Jesus Christ as the One who is its 'being'."

Volgens Moltmann (1974:19) vind die Christelike Teologie sy identiteit enkel en alleen in die kruis van Jesus Christus: "Christian identity can be understood only as an act of identification with the crucified Christ, to the extent to which one has accepted the proclamation that in him God has identified himself with the godless and those abandoned by God, to whom one belongs oneself". Van Wyk (1991:10) bevestig dat die Kerk as lewensgemeenskap wat aan Christus verbind is, se orde, reg en struktuur deur Christus, die Hoof van die Kerk, bepaal word.

Volgens Pannenberg (1998:19) moet die Ekklesiologie nie alleen Christologies begrond word nie, maar beslis ook Pneumatologies. Die Kerk is nie alleen 'n skepping deur die Woord en die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus nie, maar inderdaad ook die resultaat van die teenwoordigheid en aktiewe betrokkenheid van die Heilige Gees. Die gawe van die Gees word nie alleen gegee aan individuele gelowiges nie, maar ook kollektief aan die Kerk as geloofsgemeenskap.

Die Kerk en haar lede besit of beheer nie die Gees in die Kerk asof dit hul eiendom is nie, maar "[t]he Gift remains linked to the foundation that they have outside themselves in Jesus Christ." (Pannenberg 1998:19.) Die werk van die Gees in die Kerk moet altyd in verband met die persoon Jesus Christus en ten opsigte van die eskatologiese toekoms van die Koninkryk van God, soos reeds geopenbaar in Jesus Christus, verstaan en verdiskonteer word. Die Kerk se roeping is om te word wie ons in Christus deur die Gees is. Die vraag na die identiteit van die Kerk hou daarom primêr verband met die wese van die Kerk en nie hoe lewensvatbaar 'n bepaalde gemeente is. Die fokuspunt bly dus: Hoe word dit wat God in terme van Kerkwees bedoel het, in ons gemeentes gereflekteer?

Op die vraag oor wie ons regtig is, het Burger (2005:14) rondom die identiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die volgende verwoord:

> Eerstens is met groot klem gesê dat ons 'n Kerk wil wees wat die Bybel ernstig wil opneem. As ons dit verloor, weet ons, bly daar nie

> veel oor nie. Ek is oortuig dat hierdie verbintenis aan die Bybel en wat dit vir ons beteken, gesprekke in die Kerk … oorheers.
>
> ’n Tweede antwoord op die vraag:…ons is mense wat aan die Here behoort….die vraag na ons belydenis oor Christus het duidelik na vore gekom. Dit was duidelik dat geloof in Christus se werklike, liggaamlike opstanding vir die konferensie ’n onverhandelbare saak was. Dit beteken nie dat ons ons wil afsluit van ander christene nie. Inteendeel, die eenheid van alle gelowiges en samewerking met ander Kerke was nog altyd vir die gereformeerdes belangrik.
>
> Derdens … Ons taak en roeping as Kerk. Daar was ’n dringendheid by die vergadering dat ons ’n Kerk wil wees wat nie net vir onsself nie leef nie, maar wat ’n verskil wil maak in die omgewings waar die Here ons geplaas het:
>
> - Ons wil die evangelie geloofwaardig uitdra en leef;
> - Ons wil mense in nood bystaan en help;
> - Ons wil vriendelike ruimtes van gemeenskap en heling wees waar stukkende mense kan tuiskom;
> - Ons wil dit doen in ’n multikulturele gemeenskap;
> - Ons wil beter omsien na ons kinders en ’n Kerkwees waarin ook hulle tuis voel.

Die Nederduitsch Hervomde Kerk van Afrika formuleer oor die identiteit en relevansie van die Kerk in die 21ste eeu (Herderlike brief van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:2007) die volgende:

> Die kommissie van die Algemene Kerkvergadering is van oortuiging dat die krisis van die tyd nie bepalend vir die wese van die Kerk kan wees nie. Die wese van die Kerk word bepaal deur die Drie-enige God en die evangelie van Jesus Christus.
>
> Die Kerk bevind hom tussen die koms en die wederkoms, in die kragveld van die Heilige Gees. ... Die Kerk is en bly ’n eskatologiese gemeenskap ...

> Jesus Christus is die hoof, die hoeksteen, die fondament, die begin en die einde van die Kerk, dus ook van die NHKA.
>
> Die NHKA wil altyd Kerk van die Woord wees. Ons bely in gehoorsaamheid aan die Skrif, as die enigste bron en norm van die Kerklike verkondiging, ons geloof in die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees.
>
> Die NHKA sien haarself pertinent, ooreenkomstig haar belydenis, as gestalte van die een, heilige, apostoliese en katolieke Kerk.
>
> Die waarheid is ’n Persoon en transendeer alle menslike konsepte en proposisies. Dit is geen rasionele deurvorsing van die voorhande werklikheid nie, maar die ontmoeting met die lewende God.
>
> Ons glo dat God die NHKA, deur die verkondiging van die evangelie, in die wêreld wil gebruik.
>
> Die eenheid van die liggaam van Christus bly die werk van die één God en één Gees. Die eenheid van die Kerk, en nie die verskeidenheid nie, is ’n gawe en ’n opdrag aan die Kerk.
>
> Daarom is ander Kerke vir ons belangrik. Ons glo dat Kerke wêreldwyd en van alle tye, inderdaad die één Kerk is en dat hierdie eenheid gestalte kry wanneer ’n Kerk homself in ’n ander Kerk herken en so homself as lid van hierdie een Kerk van Jesus Christus eien.
>
> Die verhouding met die Maranatha Reformed Church of Christ is vir ons kosbaar … Die NHKA wil die MRCC as ’n selfstandige Kerk erken en respekteer.

’n Kritiese vraag wat dus in hierdie hoofstuk verder aan die orde kom is of die konfessie: Die Kerk is Een, Heilig, Katoliek en Apostolies enigsins verband hou met die eis dat die Kerk kontekstueel relevant moet wees.

## 3.2 KERKWEES: 'N TEOLOGIESE PERSPEKTIEF

’n Beeld ten opsigte van Kerkwees kan deur verskillende subjekte beskryf word: die teoloog, die lidmaat, hulle binne-die-Kerk of selfs deur hulle buite-die-Kerk. Kerkwees kan fenomenologies, sosiologies of selfs histories gefundeer word. ’n Teorie met betrekking tot Kerkwees kan vanuit verskeie perspektiewe omskryf word. Elke teorie sal inderdaad ’n ander unieke perspektief op Kerkwees reflekteer. Hoe dit ook al sy, wie ’n teorie oor Kerkwees wil formuleer sal met die wese van Jesus Christus moet rekening hou.

Volgens Pannenberg (1998:15) fundeer Paulus die Kerk Christologies. Jesus Christus is die fondament (1 Kor 3:11) waarop die Kerk gebou word maar vorm op sigself ook die basis vir die boubeginsel. Moltmann (1977:5) maak die gevolgtrekking dat “The lordship of Christ is the church’s sole, and hence all-embracing, determining factor.”

Du Plessis (1962:73) dui aan dat die gedagte van die gemeente as liggaam van Christus wat as organisme funksioneer, deurgaans by Paulus aanwesig is en ten nouste saamhang met sy gedagte dat die gelowiges juis “in Christus” tot ’n organiese liggaam saamgesluit word. Die “in Christus”-gedagte gee volgens Du Plessis (1962:39) baie sterk vorm aan die gedagte van die liggaam van Christus: “in Christus word elkeen ’n nuwe skepsel (2 Kor 5:17); in Christus word ons geregverdig (Gal 2:17 & Fil 3:9); in Christus word die gelowige lewend gemaak (1Kor 15:22).” Die “liggaam van Christus”-metafoor dra volgens Du Plessis (1962:40) ’n duidelike organismekarakter. Dié lyn hou direk verband met die verhouding van die lede onderling met mekaar en om die liggaam van Christus as meerledige eenheid te sien (een waarin elke lid belangrik en onontbeerlik is).

Christus is die fundering en doel van hierdie liggaam en Du Plessis (1962:73) spreek hom soos volg hieroor uit: “Alleen in Hom word en bly sy (die Kerk) sy liggaam en sonder Hom is die Kerk nie meer ’n liggaam of sy liggaam nie.” Net soos die gelowiges alleen “in Christus” ’n liggaam is, so kan hulle ook alleen uit Hom hierdie liggaam laat groei.

Du Plessis (1962:81) meld verder dat Jesus Christus die grond en doel is van die Kerk se bestaan: "... in Hom word die gelowiges 'n liggaam omdat Hy hulle representief en korporatief saamsluit en hierdie liggaam reageer tegelyk organies op die Bron van groeikrag."

Die werkwoord "om te bou" (בנה) kom ongeveer 370 keer in die Ou Testament voor: "om te bou" (*bauen, erbauen*), "om te herbou" (*wieder aufbauen*), en "om gebou te word" (*gebaut werden*) (Koehler & Baumgartner 1985:134). Hulst (Jenni & Westermann 1984:326) beskryf die grondbetekenis van die werkwoord as "bauen, herstellen, befestigen & wieder aufbauen." Die werkwoord dui in die Ou Testament oorwegend op 'n subjek wat bou, maak, oprig, tot stand bring, regmaak en selfs skep (Nel 1994:2).

Met betrekking tot die bougedagte, sê Roberts (1963:23) dat rondom die groot gebeurtenis van die ballingskap daar op 'n besondere wyse van die heilsame, herstellende werk van Jahwe, van Sy begenadigende handelinge met Sy volk, gewag gemaak word met gelyktydige verwysing na Sy opbou en herstel van die land, naamlik van huise en mure, en van stede en tempel. Hierdie opbou word vir die profete 'n simbool van God se genadige handelinge met betrekking tot Sy volk. Die toekoms van God se volk is verseker omdat dit lê in Sy hand. Roberts (1963:25) beklemtoon dat "hierdie eskatologiese toekomsvolk ... die uitverkore resgemeente, die oorblyfsel [is] met wie Hy 'n nuwe verbond sal oprig."

Die opbou van die *soma* (σῶμα) het ten doel om almal wat deel uitmaak van Sy liggaam tot die eenheid van geloof en kennis te bring (Du Plessis 1962:78). Hierdie groei is alleen moontlik in die lewensruimte van die liefde. In die liefde van Jesus Christus vind die gelowiges die inspirasie en vermoë om in liefde na mekaar toe en ook na Jesus Christus toe te groei.

Hierdie opbou is egter nie alleen gerig op die uitverkore volk van God nie. Die oprigting en heropbou van die land sluit doelbewus die heidene in: "... wat die betrekking aangaan tussen die heidene en Jahwe – deur Sy magtige dade met Sy volk wat sigbaar word in de heropbou van die verwoeste land,

sal ook die heidene tot die besef kom van Sy heilsame werk met Sy volk en sal Sy Naam geheilig word."  (Roberts 1963:26.)

Jahwe is en bly die Subjek van die bouwerksaamhede.  Wat die gemeente bo alles moet verstaan, is dat sy as ekklesia van God, van die begin tot einde werk van God is:  "Die gemeente is werk van God, of daar is geen gemeente nie."  (Roberts 1963:31.)  Du Plessis (1962:79) meld dat Jesus Christus die Een is na Wie toe die gemeente moet groei, maar tegelyk ook die Een is uit Wie die gemeente haar groeikrag ontvang.  Dit is duidelik dat God self hier die Subjek is, die Een wat bou.  'n Verdere prominente moment in die in die boubeeld is die missionêre perspektief.  In die opbou van die gemeente gaan dit nie primêr oor die gemeente of die volk as sodanig nie, maar allereers om die eer van God.  Ter wille van Jahwe word die gemeente opgebou en nuutgemaak.

Volgens Nel (1994:4) verwys die boubegrip wesenlik in die Ou Testament na "… daardie aktiwiteite waardeur die wêreld volgens die wil van God herstel of herskep word".  Daar word egter verder aangetoon dat indien die gemeente of volk nie hieraan meewerk nie, hulle afgebreek en uitgeruk sal word.  Nel omskryf die primêre doel van gemeentebou as die taak om gemeentes te help om hul missionêre identiteit te verstaan en te herontdek en "[i]n gemeentebou word die gemeente gehelp om toenemend beter te verstaan wie hulle werklik in Christus is."  (1994:127.)  Die saak ten opsigte van 'n identiteitsbewussyn kom dus in gemeentebou sterk na vore.  'n Goeie "gemeentelike selfbeeld" beteken dus dat 'n gemeente intens bewus moet wees van hulle identiteit in-Christus.  'n Gemeente wat in-Christus leef is anders.  Hulle word voortdurend verander deur vernuwing van hulle denke en lewens.  Hy meld verder dat "[d]ie 'bou' metafoor 'verkondig' self hierdie waarheid: 'bou' bedoel 'sorg' vir die stene in die muur terwyl die stene wat nog nie in die muur is nie 'bygebou' word ..." en "... die Bybelse boodskap is dat die 'lewende stene' bekwaam gemaak word deur die dienste daarvoor te gegee, om self die gemeente (muur) te bou – in liefde en getrouheid aan die Christus en sy Waarheid..."

In die Nuwe Testament word gebruik gemaak van die begrip οικοδομεω ("ek bou") / *ȯikodomein* ("om te bou").  In 2 Korintiërs 13:10 word die begrip

sinryk omskryf: "... volgens die gesag wat die Here my gegee het om op te bou en nie om af te breek nie" (OAV). Volgens Louw en Nida (1989:519) word οικοδομεω beskryf as "to make or erect any kind of construction" Nel (1994:4) wys daarop dat hierdie begrip 'n sterk Messiaanse konsep is. Die Messias bou die nuwe tempel en die nuwe gemeenskap en "God is die subjek, die Een wat bou en Hy hou dit wat op die Messias gebou word in stand, naamlik die nuwe gemeenskap van gelowiges". God self is dus die argitek en bouer van die gemeente waarin Hy wil woon en deur wie Hy wil werk. Nel (1994:6) identifiseer ten minste vier sterk dryfkragmotiewe in die opbouproses, naamlik "die eer van God, die eskatologiese, ekklesiologiese en soteriologiese motiewe." (Nel 1994:6.)

Volgens Roberts (1963:179) is die opbou van die liggaam van Christus gerig op die feit dat ons nie meer νήπιοι ("hy wat nog rondgeskommel word soos 'n golf wat die winde opsweep, ja, wat rondgewaai word deur elke wind") sal wees nie. Roberts (1963:180) stel dit duidelik dat "Deur die onstandvastigheid van die νήπιοι kom die eenheid van die gemeente in gedrang omdat hul maklik verlei word deur 'n leer wat stry met die grondslag van die gemeente. Juis hierom lê daar in konsolidering van die gemeente 'n element van opbou." Die opbou van die gemeente beteken dan om die gemeente aan die waarheid van die Evangelie te bind en haar te leer om met liefde aan hierdie waarheid vas te hou.

God maak in die gemeente gebruik van mense om gestalte te gee aan Sy bouwerk. Nel (1994:5) beskryf die inhoud van die dienswerk dus soos volg: "Volgens Efesiërs 4 byvoorbeeld bestaan die opbou van die gemeente daarin dat die gelowiges (met die gawes wat hulle ontvang het) toegerus of opgelei word vir hulle dienswerk."

Elke lidmaat in die gemeente is veronderstel om die karakter van gereedmaking tot effektiewe funksionering te hê. Enersyds word die gemeente beskryf as die subjek van die opbou en andersyds is die gemeente ook die objek van die opbou. God self is die Bouer van Sy volk. God rus Sy gemeente toe vir hulle dienswerk wat die opbou van die liggaam van Christus ten doel het. "In Sy heerskappyvoering oor alle dinge en oor

die geskiedenis laat Hy die opbou van Sy gemeente deur die instrumentering van die hele gemeente tot stand kom." (Roberts 1963:162.)

Roberts (1963:162) word die gemeente as objek van die opbou beskryf as die liggaam van Christus. Dit gaan derhalwe hier uitdruklik om die selfopbou: die diens van die ganse gemeente is gerig op die opbou van die gemeente, naamlik die liggaam van Christus.

Volgens Nel (1994:6) is al die gelowiges kollektief betrokke by die konstruktiewe bouproses:

- gelowiges bemoedig mekaar onderling,
- gelowiges vermaan en waarsku mekaar met wysheid,
- gelowiges beoefen geduld met mekaar,
- gelowiges mekaar liefhet,
- gelowiges in liefde met mekaar die waarheid praat,
- gelowiges saam groei tot meer kennis van die Seun van God,
- gelowiges saam, in eenheid verbonde, groei en dien – veral die kommunikasie van die Evangelie deur die woord en daad.

Die gelowiges is almal lede van die Een liggaam wat tot 'n eenheid in gemeenskap saamgebind word. In Lukas word die Kerk egter Pneumatologies gefundeer. Die Kerk is die resultaat van die kragdadige werking van die Heilige Gees. In dié verband pleit Pannenberg egter vir 'n meer geïntegreerde/holistiese benadering tot die ekklesiologie. Nel (1994:22) vat dit saam as dat "Die Kerk bestaan ter wille van die Een deur Wie dit tot stand gekom het." Een van die kenmerke van 'n postmoderne samelewing is sy pluralistiese aard. Die Kerk se "magsbasis" is relatief en gelokaliseerd. Binne 'n postmoderne konteks word mag gedesentraliseer en reg deur die sisteem versprei. God is net nog 'n "mededinger" in die mark. In hierdie nuwe lewenswerklikheid sal die Kerk beslissende sekerheid moet hê oor haar identiteit. Küng (1968:15) beklemtoon daarom dat "[the Church] stands or falls by its links with its origins in Jesus Christ and its message; it remains permanently dependent, for the ground of its existence, on God's saving act in Jesus Christ, which is valid for all time and so also in the present."

Dat die Kerk die eiendom is van God moet in alle opsigte sigbaar word. Gevolglik is dit belangrik dat "[d]ie Kerk, en elke plaaslike gemeente binne die Kerk as nuwe en eiesoortige eiendomsvolk van God, God s'n [moet] wees en só [moet] leef dat die bestaan (die wees) van die Kerk eer bring aan God die Vader, Seun en Heilige Gees" (Nel 1994:22-23). Barth (1979:38) voer daarom ook aan: "The community does not speak with words alone. It speaks by the very fact of its existence in the world; by its characteristic attitude to world problems; and, moreover and especially, by its silent service to all the handicapped, weak, and needy in the world …"

In 'n transformerende wêreld is verandering 'n konstante faktor: die enigste sekerheid van môre is dat dit anders sal wees as vandag, gister en eergister. Die Kerk sal moet sekerheid hê oor haar wese en dit met groot integriteit naleef. Die saak met betrekking tot die identiteit van die Kerk sal in die wêreld van kompleksiteit 'n paradoksale karakter hê: aan die een kant die naleef/nastreef van haar bestaansdoel; en aan die ander kant die aanpasbaarheid om altyd weer in 'n nuwe konteks die uitdaging te aanvaar om Kerk te wees/word. Volgens Nel (2002:4) is die uitdaging om "gemeentes te bou wat gewillig is om kontekstueel hulle totale bediening te waag aan die nood en pyn binne hulle konteks."

Die spanning tussen die indikatief ("ons is Kerk") en die imperatief ("ons moet altyd weer Kerk word") behoort gesonde dinamiek te ontsluit en hoef nie noodwendig 'n toestand van onsekerheid/identiteitloosheid te vestig nie. Du Plessis (1962:82) bevestig dat die paradoks tussen die indikatief en die imperatief daarop wys dat die Kerk die volheid van Christus *is,* en steeds ook vervul moet *word* en as't ware na die volheid toe groei. Hierdie volheid word aan die einde eers bereik en die eskatologiese spanning dien as stimulant vir die groeiproses.

Die Kerk as empiriese subjek en die Kerk as gedefinieerde subjek sal in terme van die teorie-praxis skema altyd in wisselwerking met mekaar bly. Schippers (1982a:103) se uitspraak in hierdie verband is belangrik:

> Zij (de gemeente) legt het getuigenis af in de raadselgestalte van het spiegelbeeld: in gebroken vorm, onvolkomen, bedreigd en discutabel. Haar levenwekkende macht is de Heilige Geest die haar deugdelijk

> maakt in groei, als teken van leven. De werkelijke kerk lééft pas werkelijk in deze dubbele zin: dat God daar werkt en dat het menselijk werken is. God is de eigenlijke, de eerste en de laaste bouwer, maar de opbouw is ook geheel en al het eigen werk van de gemeente. De hele gemeente, ieder christen is en moet zijn subject van de opbouw.

Volgens Heyns (1992:314) staan die Kerk in diens van die koninkryk. Die Kerk gee ’n bepaalde uitdrukking aan en is ’n bepaalde gestalte van die koninkryk. Nel (1994:11) identifiseer die vereiste dat “[d]ie bestaan van elke gemeente en sy funksionering ’n deursigtige vertoonvenster op die Koninkryk van God [behoort] te wees”. Die Kerk staan altyd in ’n kreatiewe spanning met betrekking tot haar identiteit. Aan die een kant is die Kerk in die wêreld en aan die ander kant is die Kerk nie van hierdie wêreld nie.

Christus is die Hoof van die Kerk, maar ook Here oor die ganse kosmos: “The nature of this community is therefore continually qualified by the One who summons or gathers it. This accent is made explicit in many cases: the ecclesia (or ecclesiai) of God (Acts 20:28; I Cor 1:2; 10:32; 11:16, 22; 15:9; II Cor 1:1; Gal 1:13; I Thess 2:14; II Thess 1:4; I Tim 3:5, 15).” (Minear 1986:608.) Tog word Christus se hoofskap alleen in die Kerk erken en bely, en die Kerk is gevolglik ”daardie segment van die wêreld wat homself bewustelik aan Christus onderwerp, Hom gehoorsaam en Hom dien – stamelend, struikelend, maar tog! Die Kerk is nie die wêreld nie, aangesien die Koninkryk alreeds in haar gestalte begin kry het. Tog is die Kerk nie Koninkryk nie, omdat die Koninkryk slegs ten dele en onvolmaak in haar erken en verwerklik is.” (Bosch 1979:221-222.) Van Aarde (2006:112) meld dat die Kerk wesenlik deel is van die geskape en menslike bedeling, want die Kerk is menslik. Karl Barth (soos aangehaal deur Van Aarde) sê dat die Kerk soos ’n “sirkel” is wat oorvleuel met ander “sirkels” wat ons in die lewe aantref. “Daarom sal die Kerklike organisasie kenmerke vertoon wat ook deel is van ander sosiale groepe, soos ’n volk wat ’n bepaalde taal praat, ’n nasie wat op ’n bepaalde plek woon ensovoorts.” (2006:112.)

Hierdie stuk dualisme sal altyd in die Kerk teenwoordig wees. Aan die een kant vergestalt sy in verhouding tot die transendente God ’n transendente

karakter, maar aan die ander kant moet sy vanweë en op grond van haar bestaansdoel in die wêreld relevant bly. Volgens Bosch (1979:222) is die Kerk die gemeenskap van gelowiges wat langs die weg van goddelike verkiesing, roeping, wedergeboorte en bekering vergader is, in gemeenskap met God Drie-enig lewe, die vergifnis van sonde geskenk is, en in solidariteit met die ganse mensdom die wêreld dien.

Die huidige lidmaatstatistiek in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is kommerwekkend en toon onder andere dat jong lidmate in die besonder die Kerk verlaat. Die vraag kon wees: Waarom? Indien die Kerk die tydsgees reg verstaan en reg interpreteer, en die vertolking van problematiek reg doen – waarom dan die negatiewe tendense? Küng (1968:4) vermaan dat “The Church cannot face these problems and use these opportunities if it is a prisoner of its own theories and prejudices, its own forms and laws, rather than being a prisoner of its Lord. As the prisoner of the Lord it is truly free, ready and willing to serve the constantly new requirements, needs and aspirations of mankind.” Moltmann (1977:3) kom ook tot die slotsom dat “What is required today is not adroit adaptation to changed social conditions, but the inner renewal of the church by the spirit of Christ, the power of the kingdom.”

Ekklesiologie is ’n eksistensiële aangeleentheid wat deur elke lidmaat verstaan en geleef behoort te word. In bepaalde kontekste moet geloof en die Kerk se verhouding tot haar Here, die verwysingsraamwerk word van waaruit daar gewaag word om oor haarself belydenis te doen. Om die identiteit van die Kerk as ’n klinkklare saak af te handel is in die wêreld van chaos bloot teorie, onmoontlik en onrealisties. Die saak met betrekking tot die ekklesiologie kan en mag nooit gereserveerd en eksklusief bly nie, maar moet eerder ’n dinamiese en ontvouende werklikheid word.

Die Kerk kan nie per se as objek omskryf en gedefinieer word nie. Küng (1968:13) beklemtoon in dié verband dat:

> Ecclesiology is a response and a call to constantly changing variety of historical situations. This requires repeated and determined attempts to mould, form and differentiate in freedom, unless ecclesiologists give up in despair at each new situation, close their eyes to them and

> simply drift. The Church's doctrine of the Church, like the Church itself, is necessarily subject to continual change and must constantly be undertaken anew.

Volgens Heyns (1992:312) is die Kerk uniek omdat die ontstaan van en toegang tot die Kerk te doen het met bloed – nie die bloed van mense nie, maar die bloed van die Seun van God, Jesus Christus, die Messias. Ook die gemeenskap wat in die Kerk beoefen word, het met bloed te doen – nie die bloed van mense wat tot dieselfde ras of volk behoort nie, maar mense wat gewas is deur die bloed van die Middelaar, en waaraan hulle deel kry by 'n tweede geboorte, wat die Skrif die wedergeboorte noem. Volgens Moltmann (1977:3) is Kerkwees die resultaat van die krag en die werking van die Heilige Gees wat mense in gemeenskap met Jesus Christus bring en die Messiaanse koninkryk voltrek.

## 3.3 DIMENSIES VAN DIE KERK

Daar is reeds verwys na die feit dat die Kerk haarself in 'n veranderende konteks relasioneel en ekstensieel vergestalt. Dit is derhalwe nie my intensie om die identiteit van die Kerk volledig af te meet en af te baken asof alles daaroor gesê is nie. In 'n steeds veranderende konteks sou die identiteit van die Kerk as 'n dinamiese aangeleentheid hanteer moet word en derhalwe op kontinue basis geherdefinieer en oordink word.

Die begrip *dimensies* van die Kerk is meer dinamies as die begrippe *notae* *(*kenmerke), *signa* (tekens) of *criteria* (toestand) van die Kerk, wat op sigself meer staties en eksklusief is.

Gedurende die periode van die Reformasie en daarna het die Rooms-Katolieke Kerk sterk klem gelê op die sogenaamde "four essential properties" van die Kerk (Pannenberg 1998:409). Die rasionaal daaragter was om te beklemtoon dat die Rooms-Katolieke Kerk die een, heilige, katolieke en apostoliese Kerk was. Daarteenoor het die Reformatore die primêre fokus op drie ander sogenaamde belangrike eienskappe geplaas: die suiwer verkondiging van die prediking, die suiwer bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het en toepassing van die Kerklike tug

om sondes te straf. Küng (soos aangehaal deur Pannenberg 1998:410) se benadering ten opsigte van bogenoemde debat is meer integrerend.

Wanneer daar verwys word na die vier dimensies van die Kerk, dan gebeur Kerk alleen op die basis van die suiwere prediking, die suiwere bediening van die sakramente en toepassing van die kerklike tug: "Without the pure proclamation there is no messianic church, gathered together for unity in Christ. Without the fellowship of the table and the one baptism the church has no catholicity." (Moltmann 1977:341.) Die vier essensiële kenmerke van die Kerk (*notae*) en die kenmerke van die Reformasie moet mekaar hoegenaamd nie kompromitteer nie, maar wedersyds insluit.

In 'n postmoderne samelewing kan die hele debat met betrekking tot die ware en valse Kerk uiters kontroversieel wees. Die feit dat die ware Kerk inderdaad bepaalde eienskappe, kenmerke of dimensie moet toon was nog altyd in die geskiedenis van die Kerk 'n contradictio in terminis, en "… outsiders unavoidably take offense at the way the historical reality of the churches contradicts their supposed unity, holiness, apostolicity, and catholicity." (Pannenberg 1998:410.)

Volgens Küng (1968:4) word die konsep *Kerk* beïnvloed deur die vorm van die Kerk op enige gegewe tyd: "Every age has its own image of the Church, arising out of a particular historical situation; in every age a particular view of the Church is expressed by the Church in practice, and given conceptual form, post hoc or ante hoc, by theologians of the age." Die fundamentele elemente en perspektiewe in die Kerk spruit nie voort uit die vorm en die institusionele aard van die Kerk nie, maar spruit voort uit die essensie van die Kerk. Küng (1968:4) vervolg: "This constant factor in the history of the Church and of its understanding of itself is only revealed in change; its identity exists only in constantly changing historical 'forms'. If we want to discover this original and permanent 'essence', given that it is something dynamic rather than something static and rigid, we must look at the constantly changing historical 'forms' of the Church."

In plaas daarvan om deur eeue heen te spekuleer en te teologiseer oor die ekklesiologie, moet die Kerk van vandag fokus op die "Kerk as realiteit"; die

Kerk as gebeure. Die term *ekklesia* moet volgens Weber (1983:530) verstaan word "in terms of its event character, its actually happening". Küng (1968:5) sê hierdie Kerk is "first and foremost a happening, a fact, an historical event. The real essence of the real Church is expressed in historical form." Twee kritiese aspekte met betrekking Küng se opmerking dien vermeld te word:

### 3.3.1 Essensie en vorm kan nooit geskei word nie

'n Holistiese perspektief sal gehandhaaf moet word wat beide essensie en vorm insluit. Dit is nie moontlik om die klinies-geformuleerde essensie van die Kerk te skei van die werklike Kerk nie. 'n Teoretiese, gedefinieerde Kerk is op sigself nie moontlik nie, want "An essence without form is formless and hence unreal; a form without essence is insubstantial and hence equally unreal." (Küng 1968:5.)

### 3.3.2 Essensie en vorm is nie identies nie

"No form of the Church, not even that in the New Testament, embraces its essence in such a way that it is simply part and parcel of it. And no form of the Church, not even that in the New Testament, mirrors the Church's essence perfectly and exhaustively. Only when we distinguish in the changing forms of the Church its permanent but not immutable essence, do we glimpse the real Church." (Küng 1968:6.) Volgens Callahan (2002:12) is daar 'n tendens dat lidmate eerder betrokke sal raak en inskakel by wat hy noem 'n "beweging" as die sogenaamde instelling: "People join a congregation, not a denomination. People join a family, not an organization. People join a movement, not an institution. Movements focus on people. Institutions focus on policies."

## 3.4 DIE KERK AS GEBEURE

Herbert C Jackson, soos aangehaal deur Bosch (1979:24-25), het verwys na 'n bepaalde spanning en selfs kontras tussen wat hy die "gebeurteniskarakter" van die Christendom en die "teologiserende tendens van die godsdienstige mens" noem. Die gebeurteniskarakter van die Kerk

en teologiserende tendens is altyd in wisselwerking met mekaar. Waar die een op die voorgrond tree, sal die ander teen die agtergrond verdwyn, en omgekeerd. Jackson beskryf die interaksie soos volg: "Gedurende die eerste drie eeue van die bestaan van die Christelike Kerk, 'n periode van snelle sendinguitbreiding, het die gebeurteniskarakter voorop gestaan en die teologiserende tendens verdring. Tydens die daaropvolgende 5 eeue, die periode van die 7 ekumeniese konsilies, het presies die omgekeerde gebeur." (Bosch 1979:25.)

Gedurende die Reformasie is die Kerk genoodsaak om haarself teologies te verantwoord. Terwyl daar gefokus word op die teologiese essensie van die Kerk, word die gebeurteniskarakter terselfdertyd verdring. Dit wil volgens Jackson voorkom asof hierdie verskynsel hom keer op keer herhaal.

Die postmoderne samelewing word onder andere gekenmerk deur 'n veelheid van individuele selfstandighede (pluralisme). Laasgenoemde kenmerk dwing die Kerk om deurlopend teologiese herbesinning te doen oor haar wese en haar rol in die samelewing. Teologiese herbesinning plaas die fokus egter weg van haar gebeurteniskarakter, en laasgenoemde is per definisie afwesig. Die mens in 'n postmoderne samelewing het 'n sterk behoefte aan gemeenskap en sinvolle verhoudings. Dit sal om die rede vir die Kerk van deerslaggewende waarde wees om haar gebeurteniskarakter optimaal en effektief te laat funksioneer. Die teorie-praxis skema staan in die postmoderne samelewing voor komplekse uitdagings.

Dit is volgens Bosch (1979:27) duidelik dat die Kerk altyd die dubbele gestalte van instituut en beweging openbaar. Soos reeds vermeld opponeer hierdie twee sake mekaar en dit sluit mekaar selfs wedersyds uit: "Dan kry ons, aan die een kant, 'n eensydige klem op die instituêre en die amptelike, aan die ander kant weer 'n ewe eensydige aksent op die Kerk as gebeurtenis, as beweging. Ons mag hier egter geen keuse doen nie. Tussen die twee moet daar voortdurend 'n dinamiese en kreatiewe spanning bestaan."

Volgens Nel (1994:222) is alle vorme variasies van die een grondvorm, naamlik “Gelowiges was bymekaar. Hulle het hulle aanbidding en diens aan God gesamentlik beleef en beoefen.” Strukture het dus konsekwent ten doel om eietyds uitdrukking te gee aan hierdie een grondvorm. Ten opsigte van norme en vorme is dit wesenlik dat ’n gemeente volgens Nel (1994:223) die volgende vraag sal vra: “[D]ien die vorm of struktuur van die gemeente se eredienste die aanbidding van God en die saamwees van die gelowiges?” Bosch (1979:27) wys daarop dat ‘instituut’ sonder ‘gebeurtenis’ gaandeweg ’n museum of versorgingsinrigting [word]. ‘Gebeurtenis’ sonder ‘instituut’ vervlugting na korte tyd of waar dit nie gebeur nie, neem dit maar weer mettertyd institutêre vorme aan.” Wanneer Dreyer (2006a:24) na die Kerk as instelling verwys, beskou sy die Kerk as aan die kwyn. Kasper (1977:27) huldig dieselfde standpunt: “Even the churches run the risk of succumbing to what threatens all institusions: the danger of institutional rigidity, of institutional self-interest, of power, manipulation and abuses for the sake of the authority and self-interest of the institutions themselves.”

Institusionele gesag het in ’n groot mate onder verdenking gekom. Volgens die Agenda van die Algemene Sinode van die NG Kerk (Deel 1: Dokumentebundel 2007:44) het die Nederduitse Gereformeerde Kerk bevind dat daar ’n besliste dekonstruksie van die sisteem en strukture aan die gang is. Die opmerking word gemaak dat “ons in ’n anti-institusionele tyd lewe.” (Agenda van die Algemene Sinode: Deel 1 2007:44).

Sonder dat die teologisering uitloop en kristalliseer in gebeure is die Kerk ’n sprekende voorbeeld van dooie ortodoksie. Daarenteen ontwikkel “[e]gte teologie ... slegs waar die Kerk in dialektiese verhouding tot die wêreld beweeg.” (Bosch 1979:26.) Hierdie dialektiese verhouding is ’n kontinue proses tussen die statiese en die dinamiese.

Die Kerk as objek, die “instituut” en die “vorm” word moeilik sonder ’n historiese verwysingsraamwerk verdiskonteer. Daar is volgens Küng (1968:13) ”no ‘doctrine’ of the Church in the sense of an unalterable metaphysical and ontological system, but only one which is historically conditioned, within the framework of the history of the Church, its dogmas and its theology.” Scharmer (2006:2) verwys na ’n “massive institutional

failure" as die rede waarom leiers die onvermoë openbaar om verandering te antisipeer en te bestuur: "we haven't learned to mold, bend and transform our centuries-old collective patterns of thinking, conversing and institutionalizing to fit the realities of today." Die institusionele verwysingsraamwerk van die Kerk mag derhalwe onder geen omstandighede 'n inhiberende faktor wees vir die Kerk om te wees en te gebeur nie.

Gemeentestrukture en struktuurvernuwing hoort wesenlik tot gemeentebou. Nel (1994:218) wys daarop dat bedieninge oor jare heen in bepaalde gemeentes ontwikkel het en maklik daartoe kan lei dat norm en vorm gelyk gestel word aanmekaar: "Dit is wel waar dat alle bedieningsnorme bepaalde bedieningsvorme het, maar daarmee word die vorm van die bediening nie ook die norm nie." Met die implementering van veral 'n nuwe strategie en die formulering van 'n nuwe visie is dit wesenlik om weer te vra na die norm agter die vorm. Nel (1994:218) is oortuig dat die struktuur die geestelike energie van 'n liggaam wat homself opbou, moet begelei.

Binne die konteks van vernuwing en verandering bly die Kerk verantwoordelik om haarself teologies te vestig. Wat die Kerk *is* moet egter in hierdie wêreld *gebeur*. Die Kerk is gevolglik altyd Kerk-in-die-wêreld. Die Kerk mag nooit gesekulariseer en soos die wêreld wees nie. Haar betrokkenheid in die wêreld roep haar tot verantwoording. Volgens Bosch (1979:76) druk die beeldspraak ten opsigte van "sout", "lig" en "suurdeeg" die gedagte uit van indringing en die oorsteek van grense, van uitwaarts beweeg. Die grense tussen Kerk en wêreld moet duidelik en sigbaar wees, sodat "[w]at die Koninkryk van God vir die wêreld beteken, ... in die Kerk sigbaar word." (Bosch 1979:224.)

### 3.4.1 Die belydenis: een, heilige, algemene (katolieke) en apostoliese Kerk

Die sogenaamde ware Kerk word in terme van die volgende vier dimensies bely: een, heilig, algemeen en apostolies. Die missiestelling van 'n gemeente behoort op een of ander wyse hierdie dimensies te reflekteer. 'n Gemeente se gerigtheid, haar op-koerswees in hierdie wêreld, moet

korreleer met haar wesenskenmerke. Hierdie belydenisse met betrekking tot die Kerk word spesifiek beskryf as geloofsbelydenisse. Die bedoeling hiermee is dat ’n beskrywing van die Kerk *per se*, sonder die nodige begronding in die geloof, nie moontlik is nie. Sonder geloof verloor hierdie vier dimensies egter hul betekenis en waarde.

Die vier dimensies met betrekking tot Kerkwees is in die geheel, maar ook afsonderlik geïntegreer met die belydenisse ten opsigte van die drie-enige God. Moltmann (1977:338) verwoord dit soos volg: “They belong to the article about faith in the Holy Spirit, and are only justified and comprehensible in the framework of the creative workings of that Spirit.”

’n Beskrywing met betrekking tot Kerkwees word dus onderskei van enige ander beskrywing van watter objek of ervaring ook al. ’n Perspektief op Kerkwees is slegs moontlik via die konteks van die heilsgeskiedenis soos geopenbaar deur Jesus Christus. Kerk is ’n manifestasie van die heilshandelinge van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees. Suiwere prediking aangaande Jesus Christus sou impliseer dat die wesenskenmerke van die Kerk aan die orde kom. Die Kerk se attribute/kenmerke/dimensies kan alleen toegeken word op grond van haar verbondenheid met Jesus Christus. Moltmann (1977:361) redeneer dat “Fellowship with Christ is its secret.”

Wie ’n dimensie oor die Kerk beskryf, beskryf ’n dimensie van die Here van die Kerk, Jesus Christus: “If the church acquires its existence through the activity of Christ, then her characteristics, too, are characteristics of Christ’s activity first of all.” (Moltmann 1977:338.) Die erkenning aan die “een, heilige katolieke en apostoliese Kerk” is erkenning aan eenheid met Christus, die heiliging deur die verlossing heen en die omvattende heerskappy van die Here van die Kerk. Die voorwaarde vir nadenke, erkenning en belydenisse oor die Kerk is die wonder van die geloof.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, soos vervat in die *Diensboek* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1997:127), bely die wese van die Kerk in artikel 27 soos volg: “Ons glo en bely ’n enige, katolieke of algemene Kerk, ’n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo,

wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees". Die Apostoliese Geloofsbelydenis (8ste eeu) (*Diensboek* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika:102) bely die wese van die Kerk soos volg: "Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk". Die geloofsbelydenis van Nicea (325) (*Diensboek* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika:104) bely die wese van die Kerk soos volg: "Ons glo een heilige, algemene Kerk, gegrond op die leer van die apostels."

Hierdie grondliggende waarhede oor die Kerk is van die 16de eeu afkomstig en kan om dié rede nie losgemaak word van die problematiek van sy tyd nie. In terme van die postmoderne samelewing sou 'n meer relevante ekklesiologie waarskynlik meer toepaslik wees. Dit kan nie vir een oomblik ontken word dat hierdie beginsels die aanvalle op die leer oor die Kerk vir die afgelope 400 jaar oorleef het nie. Die werklikheidsbeskouing het egter radikaal verander en het tot gevolg dat denke met betrekking tot die Kerk ook radikaal verander het. Of die waarhede oor die Kerk soos verwoord in die Belydenisskrifte algeheel relevant en van toepassing is op die huidige problematiek van ons tyd, sal egter net met tyd geleer word.

Die Kerk sal dit moet waag om in die geloof 'n meer eietydse of uitgebreide belydenis met betrekking tot die ekklesiologie te formuleer. Die Kerk sou in eietydse formulerings en apologieë meer duidelikheid kon gee oor sake soos die Kerk as gestuurde ('n apostolêre roeping); die Kerk en haar ekumeniese verantwoordelikheid; 'n Kerk in diens van die wêreld (wat die nood en behoefte van ons tyd aanspreek); en 'n Kerk wat sterk relasioneel funksioneer. In die wêreld van kompleksiteit en verandering sou só 'n belydenis steeds onvolledig wees en beperkinge hê. Die vinnig veranderende samelewing is nie-lineêr van aard en altyd in interaksie met 'n groter geheel. 'n Eietydse ekklesiologie sou naas die grondliggende waarhede met betrekking tot die Kerk soos vervat in die drie formuliere van eenheid, meer dinamies en beweeglik kon wees. Vanuit laasgenoemde perspektief sou die fokus eerder kon val op die relasionele waarheid en werklikheid van die Kerk.

Kasper (1977:159) wys daarop dat hierdie Kerk daar was van die begin van die wêreld af en tot die einde daar sal wees: "The Church will always be. But the Church is only the Church of Jesus Christ as long as it persists in faith in Jesus Christ the Crucified and Resurrected … The saving truth of God is permanently granted to the world by Jesus Christ in and through the Church. Christ is lastingly present in history in the Church's proclamation of faith and doctrine, in its liturgy and in its sacraments and in its whole life." Volgens Barth (1979:37) is die gemeenskap *communio sanctorum* omdat die gemeenskap *congregatio fidelium* is: "When theology confronts the Word of God and its witnesses, its place is very concretely in the community, not somewhere in empty space."

"Hierdie heilige Kerk word deur God bewaar teen die woede van die hele wêreld, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mens lyk asof dit tot niet gegaan het … Verder is hierdie heilige Kerk nie geleë in, gebonde aan of beperk tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar is dit oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig." (Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis *Diensboek* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1997:127.)

Volgens artikel 27 van die NGB is dit dus duidelik dat die Kerk nie 'n gebou is met 'n spesifieke vorm of 'n plek waar eredienste gehou word nie. Die Kerk is " 'n heilige vergadering van almal wat werklik in Christus glo", en almal wat deur die bloed van die Here Jesus Christus gewas is en hulle geloof in Hom as Koning en Verlosser van die Kerk bely. Dit is tog duidelik dat die Kerk uit mense bestaan. Oor hierdie mense wat tot die Kerk behoort skryf Heyns (1992:316) die volgende:

- Hulle glo waarlik in Christus – toegang tot die Kerk word alleen deur geloof verkry.
- Hulle is in sy bloed gewas – deur die kruisiging en sterwe van Jesus Christus word elke gelowige by die Kerk ingelyf. Die gelowige word deur die bloed van Jesus gereinig en 'n nuwe lewe geskenk.

- Hulle vorm ’n eskatologiese gemeenskap, ’n vergadering – God roep hulle wat aan Hom behoort deur Sy Woord en Gees bymekaar.

Küng (1968:81) se argument is ook van toepassing op bogenoemde, naamlik dat “the members of the community rightly bear the title: ‘the elect’ (ἐκλεκτοί), ‘the saints’ (ἅγιοι). They form a community which can with justice take over the great title of God: *kehal Yahweh*, ‘the community of God’.”

In die Ou Testament verwys die twee woorde *qâhâl* (קהל) soos in Deuteronomium 4:10 en *‘edhâh* (עדה) na die begrip Kerk: “*Edhâh* is properly a gathering by appointment, and when applied to Israel, denotes the society itself formed by the children of Israel or their representative heads, whether assembled or not assembled. Q*âhâl,* on the other hand, properly denotes the actual meeting together of the people.” (Berkhof 1986:555.) In die Nuwe Testament word die woorde *ekklesia* (Handelinge 19:32) en *sunagoge* (Matteus 4:23) gebruik wanneer daar na die begrip Kerk verwys word. *Sunagoge* word spesifiek gereserveer vir die byeenkomste van Jode. Die term *ekklesia* word meer in die algemeen gebruik as daar na die begrip Kerk verwys word. Volgens Heyns (1992:318) dui die woord ‘*ekklesia’* (ἐκκλησία) primêr ’n vergadering of ’n byeenkoms aan. Minear (1986:608) verduidelik ook dat “People gather together or are summoned for any and every purpose. It is the people and the purpose which give significance to the *qâhâl.”*

Die Septuaginta (LXX) vertaal die sekulêre Hebreeuse woord *qahal* met *ekklesia* (gewoonlik vertaal as συναγωγή). In die Septuaginta is die term *qahal* gebruik vir die nasionale, regs en kultiese gemeenskap in Israel. Die woord het in die Septuaginta verder ontwikkel en ’n eskatologiese betekenis begin kry, en “[b]y taking over the term ekklesia, the early Christian community made its claim to be the true congregation of God, the true community of God, the true eschatological people of God” (Küng 1968:83). Weber (1983:531) verduidelik ook “It is thus the actual representation of the Israelite Community living under the promise, the holy people. In the New Testament, the *ekklesia* in its coming together is simultaneously the

'Community' (as the subject of what is always actual coming together) and the 'Church' (as the enduring reality which is represented and realized concretely in each individual gathering)." Weber beskryf die begrip Kerk meer integrerend en beskou dit derhalwe as 'n proses: "The essential thing about the term *ekklesia* is the process, the coming together…The varying translations of *ekklesia* as 'assembly', 'community' and 'church' are not to be regarded as being in competition with each other, but they belong together." (Weber 1983:530-531.)

Die konkrete gemeente is 'n manifestasie en die realisasie van die Nuwe Testamentiese gemeenskap, en Küng (1968:84) verduidelik dat "An *ekklesia* is not something that is formed and founded once and for all and remains unchanged; it becomes an *ekklesia* by the fact of a repeated concrete event, people coming together and congregating, in particular congregating for the purpose of worshipping God." Volgens Buitendag (HTS 58 2002:2) kan *ekklesia* hoogstens momenteel verstaan word wanneer die gelowiges bymekaar kom. Hierdie byeenkoms word verstaan as "God se appellerende handelinge en mense se gehoorsamende antwoord hierop" wat 'n gestruktureerde kosmiese uitdrukking en kontinuïteit verkry.

Die woord *Kerk* is via die Duitse en Latynse vertalings van die Griekse woord *kuriake* (κυριακον) afgelei, wat beteken "dit wat aan die Here behoort." (Minear 1986:607.) Volgens Nel (2002:2) "verseker God dat daar altyd mense was, is en sal wees wat deur Hom gevind is, sy mense, syne." Küng (1968:120) wys daarop dat die woord λαός in die Nuwe Testament gebruik word om die gemeenskap van Jesus Christus uit te beeld as Sy eiendom (vgl. Handelinge 18:10).

Die Woord van God konstitueer alle byeenkomste. Die Kerk is dus 'n lewende organisme waar gelowiges deur hulle geloof in Jesus Christus, aan Hom en sodoende uiteindelik ook aan mekaar verbind is. Rondom hierdie oriëntasiepunt organiseer die Kerk haarself.

- Hulle verwag hulle volle saligheid in Jesus Christus – die slagspreek van die Reformasie kom hier ter sprake: Sola Scriptura; Sola Gratia; Sola Fidei.

- Hulle is heilig en verseël deur die Heilige Gees

Dit is opvallend dat die verhouding tussen Christus en die Kerk baie intiem is. Heyns (1992:320) beklemtoon dat enige Kerk wat nie Christus-/Christelik georiënteerd is nie, nie 'n Kerk is nie: "die Kerk word ook liggaam van Christus genoem en hiervan is Jesus die Heiland – want die liggaam kan nie uit homslef ontstaan nie; Christus is sy Hoof, want die liggaam kan homself nie regeer nie; Christus is sy Voorspraak, want die liggaam kan homself nie vergifnis skenk vanweë sy voortdurende neiging om telkens weer in sonde te val nie; en Christus is sy Voleinder, want die liggaam kan homself nie tot sy beloofde volheid ontwikkel nie." (Heyns 1992:321.)

Die Heidelbergse Kategismus, soos vervat in die Diensboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1997:147), bely met betrekking tot die wese van die Kerk in Sondag 21 as volg: "Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou, en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly."

Ordereël 4, soos vervat in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (67ste Algemene Kerkvergadering), handel met betrekking tot gemeentes soos volg: "'n Gemeente is 'n gemeenskap van die gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met al. die ander gemeentes die Kerk is. 'n Gemeente is die wyse waarop die Kerk op 'n bepaaldeplek bestaan." Met betrekking tot die Kerk word die volgende gemeld: "Die Kerk is 'n volksKerk met sy eie Kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense."

In 'n nuwe Suid-Afrika konteks waartoe die Here van die Kerk, Sy Kerk roep tot verantwoording en diens kan die begrip 'volksKerk' soos verwoord in die Kerkorde (gewysig volgens die besluite van die 67ste Algemene Kerkvergadering:69) van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verwarrend en beperkend wees in die verkondiging van die Evangelie aan

*alle mense*. Indien die Kerk geroep is om die evangelie te bring aan alle mense, waarom sou dit vir die Kerk belangrik wees om verder gebruik te maak van en te verwys na die term volkskerk. Die begrip *alle mense* is tog reeds inklusief en kollektief, en duidelik. Volgens die Agenda van die Algemene Sinode van die NG Kerk (Deel 1: Dokumentebundel 2007:45) word daar verwys na die feit dat die Kerk nou deel is van 'n derde-wêreld konteks en moet in die besonder haarself herposisioneer om binne derdewêreldse stede te opereer.

#### 3.4.1.1 Die Kerk is een (*mia ekklesia*)

Die uitdrukking "een Kerk" *(mia ekklesia)* kom nêrens in die Nuwe Testament voor nie. Volgens Heyns (1992:327) is die uitdrukking "een Kerk" 'n pleonasme – 'n oortolligheid van woorde. Indien Jesus Christus die wese van die Kerk is, sou die wese van die Kerk (wie en wat die Kerk is) niks anders as "een" kan wees nie. Die eenheid van die Kerk moet in alle opsigte deur alle momente heen van Kerkwees figureer. Küng (1968:273) vat dit soos volg saam:

> It is *one* and the same Christ who through his word and his Spirit unites all together in the same bond of fellowship. It is *one* and the same baptism by which all are made members of the same body of Christ, *one* and the same Lord's Supper, in which all are united with Christ and with one another. It is *one* and he same confession of faith in the Lord Jesus, the same hope of blessedness, the same love, which is experienced in oneness of heart, the same service of the world. The Church *is one* and therefore should be *one.*

Jesus is die draer van Eenheid waarin die gemeenskap van heiliges leef. Galasiërs 3:28 soos verwoord in die NAV (1983): "in Christus Jesus is julle almal één." Jesus Christus is die Een wat Een-heid tussen die verskillende "gemeenskappe" gevestig het deur Sy kruisdood heen. In Jesus is die konflik tussen die mens en sy Skepper en die kloof tussen mense onderling oorbrug. Jesus Christus self konstitueer die eenheid en gemeenskap in die Kerk. Trouens, die eenheid in die Kerk is nie primêr 'n refleksie op die onderlinge eenheid van haar lede nie, maar 'n refleksie op die teenwoordigheid van Jesus Christus en die werking van die Gees: "The

unity of the Church should be sought first of all within the Community and then in the cooperative life of one Community with another. Then, in the sense of the catholicity of the Church, the 'ecumenical' drive will be vital on its own." (Weber 1983:552.) Moltmann (1977:338) identifiseer 'n verband tussen eenheid van die Kerk en die versoenende werk daarvan: "Consequently the unity of the church lies in his uniting activity." Mc Grath (2001:496) identifiseer vier perspektiewe met betrekking tot die eenheid van die Kerk:

- Die imperialistiese perspektief, waarin daar erkenning gegee word aan die een empiriese Kerk.
- Die Platoniese perspektief, wat 'n definitiewe onderskeid maak tussen die empiriese Kerk (die Kerk as sigbare historiese realiteit) en die ideale Kerk.
- Die eskatologiese benadering, wat suggereer dat die huidige verdeeldheid van die Kerk in die "laaste dae" opgehef sal word. Die huidige situasie is tydelik en sal namate tyd verloop eskatologies verwesenlik.
- Die biologiese perspektief, wat die historiese evolusie van die Kerk vergelyk met die ontwikkeling van die takke van 'n boom. Nicolas von Zinzendorf (soos aangehaal deur Mc Grath 2001:497) maak gebruik van laasgenoemde metafoor om die eenheid tussen die onderskeie empiriese Kerke aan te dui ten spyte van hulle institusionele andersheid.

*Ubi Christus, ibi ecclesia* ("waar Christus is, daar is die Kerk") verwys na die eenheid van die Kerk *in*-Christus en nie primêr na 'n historiese of kulturele werklikheid nie. Eenheid moenie sosiologies of organisatories verstaan word nie, maar teologies. Die eenheid van die Kerk is inderdaad 'n geestelike entiteit. In die geloofsgemeenskap word daar op verskillende wyses uitdrukking gegee aan die belydenis van éénheid. Gelowiges vergader naamlik rondom die één doop (Ef 4:5; 1 Kor 12:13) en deel in die nagmaal in één liggaam (1 Kor 10:17); en die geloofsgemeenskap handhaaf wedersyds eenheid en vrede met mekaar wat deur die Gees van God geskep en geïnspireer het (Ef 4:3). Ten spyte van die differensiasie word die eenheid in die geloofsgemeenskap duidelik sigbaar en werklik.

Eenheid gebeur ten spyte van verskeidenheid. In terme van hierdie eenheid met Christus en mekaar kry die messiaanse era en die Koninkryk van God gestalte, sodat "…the unity of the church is grounded in the saving work of God in Christ. This is in no way inconsistent with that one church adapting itself to local cultural conditions, leading to the formation of local churches." (McGrath 2001:497.)

Die eenheid in Christus vereis 'n solidariteit ver bo die potensiaal van elke individu soos verwoord in 1 Kor 12:26: "As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly." (NAV 1983.) Volgens Moltmann (1977:345) hang die eenheid van die gemeente af van wat hulle doen en waarmee hulle besig is. Eenheid kom tot stand in en deur die geloofshandelinge van mense. McGrath (2001:498) maak melding van die feit dat die evangelisasie-/apostolêre gerigtheid van die moderne Kerk (soos vergestalt in verskillende denominasies) 'n prominente faktor word waardeur eenheid tot uitdrukking kom. "Precisely because evangelicalism has no defining or limiting ecclesiology, it can accommodate itself to virtually any form of church order." (McGrath 2001:498.) Die eenheid in die geloofsgemeenskap is inderdaad allereers 'n evangeliese eenheid. Die eenheid van die Kerk word dus primêr begrond in die *evangelie* – die goeie nuus aangaande Jesus Christus en nie 'n spesifieke ekklesiologiese organisatoriese sisteem nie.

Jesus Christus konstitueer elke byeenkoms deur Sy Woord en die Gees van God wat vernuwend en skeppend werk, gee daaraan nuwe dinamika. Die gevolg is dat "[c]ommunities which are divided in space and time recognize one another through their identity in Christ and the common spirit." (Moltmann 1977:343.) Deur eenheid te handhaaf word die getuienis aangaande die verlossing in Jesus Christus geproklameer, soos in Joh 17:21: "Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het." (NAV 1983.) Die Woord en die Sakramente het 'n krag wat onderling gemeenskap skep.

Die afgelope aantal jare het 'n sterk ekumeniese bewuswording tussen die verskillende denominasies toegeneem. Die vraag na "eenheid in diversiteit"

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is dus uiters relevant en legitiem. In die postmoderne samelewing moet nie alleen kennis geneem word van die pluralistiese aard en funksionering van die samelewing nie, ruimte sal toegelaat moet word vir verskillende aksente en nuanses. Daar is naamlik "many gulfs between these Churches in matters of creed, worship and Church order, that they do in fact hold different beliefs, cannot be denied." (Küng 1968:270.)

Die Hervormers het gedurende die 16de eeu steeds erkenning gegee aan die feit dat die Rooms-Katolieke Kerk 'n *Christelike* Kerk is maar spesifiek haar *identiteit* as Kerk van Christus bevraagteken. Vanweë die feit dat die Middeleeuse Kerk korrup was en sonder 'n roepingsbewussyn het die Hervorming 'n werklikheid geword. Met betrekking tot die Kerk se roeping en gerigtheid in die wêreld is hervorming en vernuwing onafwendbaar.

Wie en waar is die "een Kerk" dan regtig? Is die plaaslike NHK-gemeente "die een Kerk" of is die globale NHK "die een Kerk"? Küng bied die volgende antwoord aan op hierdie vraag : ".the local Church and the universal Church, the local community and the community as a whole – is really and positively *one* Church, one people of God, one body of Christ, one spiritual creation." (Küng 1968:272.) Die eenheid van die Kerk word beskryf in Efesiërs 4:1-6: "[1]Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. [2]Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. [3]Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. [4]Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. [5]Daar is net één Here, één geloof, één doop, [6]één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon."

Die eenheid tussen die verskillende gemeenskappe/Kerke kan slegs in Jesus Christus bely en geleef word. Die belydenis "een Kerk" dien as imperatief: Jesus is die enigste oriëntasiepunt waarin eenheid gehandhaaf kan word. Moltmann (1977:345) bied die volgende verduideliking hiervan aan: "As a unifying force, the church is the messianic people of Christ, for unity is not merely an attribute of the church; it is the church's task in the world as well. If the assembled church is the confessing church, then it will

represent the unity in Christ and the Spirit that makes all things new in the midst of the conflicts of its social and political justice."

Hierdie onvermoë van gemeenskappe/Kerke om die eenheid in Jesus te gehoorsaam en te handhaaf is sigbaar en tasbaar in die wêreld. Van die vier moontlike dimensies van die Kerk is eenheid tans die mees kontroversiële aangeleentheid, vanweë die feit dat eenheid nie onderling vorm aanneem nie. Volgens Moltmann (1977:346) is dit inderdaad nie die leerstellige verskille tussen denominasies wat die eenheid-in-Christus kompromitteer nie, maar politieke verskille. Juis hierdie faktor word dikwels die rede hoekom daar skeiding kom tussen Kerke en selfs families/gesinne. "The divisions between the Churches are felt even in the everyday lives of millions of families who cannot worship and eat at the Lord's table together. Innumerable people have been alienated from the Church itself because of these divisions." (Küng 1968:271.)

Die Kerk/gemeenskap is die enigste Godgegewe werklikheid waarin eenheid tussen die mensdom moontlik is. Daarom sê Weber (1983:553) dat "The Community is defined not by what man brings with himself, but by what God in Jesus Christ provides man. Jesus has 'made both one' (Eph 2:14), and that is what constitutes the unity of the Community." (Weber 1983:553.) Die diepste band wat hulle wat in die Kerk is, saambind, is die geloof. Volgens Heyns (1992:327) is die Kerk daardie groep mense wat in die greep van God verkeer en nie daaruit wil loskom nie, omdat hulle daarin hulle lewe vind.

Die Kerk kan in die postmoderne samelewing inderdaad die vergadering/byeenkoms word waarin diversiteit saamval en onderling met mekaar geïntegreer word. Die Kerk sal in die wêreld die hoeksteen van "stabiliteit" word, of, soos Küng (1968:275) dit uitdruk: "The unity of the Church...not only presupposes a multiplicity of Churches, but makes it flourish anew: through the diversity of God's callings, through the multiplicity of the gifts of the Spirit given to the Church, through the variety of the members of Christ and their functions."

Volgens Weber (1983:554) berus die eenheid in die Kerk op God en nie in subjektiewe toestand van 'n Kerk nie – inteendeel, die gemeenskap/Kerk word altyd weer Kerk deur die verkondiging en getuienis van die Evangelie heen. Pannenberg (1998:405) dui aan dat die attribute eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolêr mekaar wedersyds insluit, maar beskou eenheid as die essensiële. Die wese van die Kerk word begrond in die onderlinge eenheid en gemeenskaplikheid van die gelowiges in en deur Jesus Christus. "We may understand the other three attributes as implications of the church's unity as one that is grounded in Jesus Christ." (Pannenberg 1998:406.)

Weber (1983:554) beklemtoon die feit dat die sakramente 'n besonderse fokus plaas op die eenheid in die Kerk. In en deur die sakramente bereik die verlossingsgebeure die Kerk. Die dogmas met betrekking tot die doop en nagmaal het gedurende die Reformasie egter 'n oordrewe rasionele fokus begin kry.

Almal wat in Jesus Christus glo, het nie net met God gemeenskap nie, maar het ook met mekaar gemeenskap. Hulle wat aan die Kerk behoort (Heyns 1992:328), is lief vir mekaar en is tot beskikking van mekaar, ken 'n gesamentlike deelname aan lyding (Heb 10:33), aan wedersydse vertroosting (2 Kor 1:7), meelewing in teenspoed (Op 1:9), doen voorbidding vir mekaar (Ef 6:18) en is gewillig om mekaar te versorg (1 Kor 12:26). Dit is vir die wese van die Kerk in die postmoderne samelewing essensieel dat hierdie onderlinge eenheid/gemeenskap sigbaar word.

Die gebeure in en om die sakramente en dit wat daardeur uitgebeeld word, word nie bepaal deur 'n Kerk se bepaalde verstaan daarvan nie, maar

> [t]he predominance of the doctrines of baptism and the Lord's Supper over against their event-character has helped to 'empty' the 'sacraments' and to destroy the unity of the Church. The Word-activities have their own dignity and power, not over against the Word, but certainly over against our understanding. The unity of the Community is not rooted in them. But in and through them it arrives at its concrete expression, surpassing all the differences we brought with us into Community. (Weber 1983:555.)

Alhoewel elke gemeente op sigself "Kerk" is, verwys Weber (1983:555) na die feit dat daar eenheid tussen die verskillende gemeenskappe moet wees. Slegs wanneer die beginsels van eenheid binne die plaaslike gemeenskap (gemeente) toegepas en ervaar word, sal onderlinge gemeenskap en eenheid relevant wees en ter sprake kom: "The interrelatedness of all local Communities must be understood as the conformation and activation of the identity granted in Jesus Christ through the Holy Spirit."

Die verskillende sisteme staan in wisselwerking met mekaar. Die interaksie en verhouding tussen die verskillende gemeenskappe verplaas die interne fokus na 'n meer kollektiewe verwysingsraamwerk. Die essensie (essentialia) van Kerkwees word die grootste gemene faktor tussen hierdie verskillende gemeenskappe. Daarom voer Küng (1968:273) aan dat

> The unity of the Church is not simply a natural entity, is not simply moral unanimity and harmony, is not just sociological conformity and uniformity. To judge it by externals (canon law, ecclesiastical language, Church administration, etc.) is to misunderstand it completely. The unity of the Church is a spiritual entity. It is not chiefly a unity of the members among themselves, it depends finally not on itself but on the unity of God, which is efficacious through Jesus Christ in the Holy Spirit.

Die Kerk van Jesus Christus is nie 'n gesentraliseerde monoliet nie. Die Kerk het nie 'n uniforme (*unis formas*) gestalte nie, en "[i]t is not part of the nature of the Church to have a uniform form of worship, nor uniform hierarchies, nor even a uniform theology. In the light of Ephesians 4:4-6, the opposite would seem to be true." (Küng 1968:275.) Volgens Küng (1968:275) word daar 'n groot mate van diversiteit in die Kerk geopenbaar. Daar is diversiteit in aanbidding: een God, een doop en een nagmaal – maar verskillende volkere, gemeenskappe, tale, rites en vorme van aanbidding. Daar is verskillende gebede, gesange en verskillende vorme van kuns. Daar is diversiteit in teologie: een God, een Here en een hoop en een geloof – maar tog verskillende teologieë, verskillende sisteme, verskillende vorme van denke, verskillende konsepsuele apparaat en terminologieë, verskillende skole, tradisies en areas van navorsing, verskillende universiteite en teoloë, maar dan ook verskillende Kerke. Daar

is diversiteit in Kerkorde: een God, een Here, een Gees en een liggaam – maar verskillende wyses waarop Kerke georden word, verskillende reëls, verskillende nasies en tradisies, verskillende gewoontes en usansies, verskillende administratiewe stelsels en daarom ook verskillende Kerke.

Die verantwoordelikheid om één-heid te bely en te laat gebeur en die onvermoë om hierdie één-heid te handhaaf het vir die sigbare Kerk / empiriese Kerk ’n teenstrydige aangeleentheid geword. Volgens Küng (1968:281) moet ’n pertinente klemverskuiwing plaasvind. Die fokus moet verskuif van “the disunited visible Church” na “an undivided Church” toe. In die wêreld van kompleksiteit en chaosteorie moet ’n meer holistiese perspektief toegepas word waarin die verstaan van die werklikheid verdiskonteer word.

Die aard van die postmoderne samelewing sal die Kerk en die verskillende Gemeenskappe al hoe meer dwing om te fokus op ’n sogenaamde “eksklusiewe identiteit”. Die opdrag om één te wees en één te word is inherent ’n kontradiksie. Daar is reeds vermeld dat één-heid ’n wesenskenmerk is van die Kerk, en dat die Kerk met betrekking tot hierdie waarheid tot verantwoording geroep word.

Vanuit ’n kritiese beskouing met betrekking tot die eenheid van die Kerk stel Küng (1968:285-296) voor dat die volgende vyf beginsels gehandhaaf word:

- “The existing common ecclesial reality must be recognized”
  In Christus is die verskillende Kerke/Gemeenskappe – ten spyte van sigbare verskille en soms konflik – reeds een. Küng beklemtoon die feit dat die eenheid in die Kerk allereers ’n eenheid in die geloof is. Eenheid is nie op sigself ’n doelwit nie, maar die basis en die vertrekpunt tot Kerkwees, en “it is precisely because all Christian Churches are Churches that they are faced with the task of the unity of the Church through faith in Christ.” (Küng 1968:285.)
- “The desired common ecclesial reality must by found”
  Die erkenning van eenheid wat reeds bestaan behoort die Kerk te beweeg om eenheid te handhaaf en na te streef, want “[f]rom

oration springs true action." (Küng 1968:287.) Dit wat die verskillende Kerke/Gemeenskappe in gemeen het is vir die Kerk van baie meer waarde as die onderlinge verskille. Vir hierdie waarheid moes die Here Jesus Christus aan die kruis sterf.

- "Work for unity must start in one's own Church, but with the other Churches in mind"

  Die "eksklusiewe" aard van elke Kerk/gemeenskap sal die skeiding en die diversiteit tussen die verskillende Kerke onderling al hoe meer beklemtoon. Die fokus moet beslis meer val op die "inklusiewe" ooreenkomste. Die elemente wat onderling ooreenstemmend is moet die vertrekpunt wees waarop eenheid verder uitgebrei word. Eenheid is naamlik slegs moontlik "on the path that leads forward. The future, to which the Church must always be open, offers us new possibilities." (Küng 1968:289.)

- "Truth must not be sacrificed, but rediscovered"

  Eenheid kan nie op 'n kunsmatige wyse geskep word deur 'n sosiale band van eenheid of 'n politieke band van eenheid te handhaaf nie. Eenheid in die Kerk word alleen bereik in en deur Jesus Christus heen. Die Waarheid van die Evangelie maak die verskillende Kerke een, met die gevolg dat "[e]ach Church will have to make sacrifice, considerable sacrifices, in the cause of unity, it will have to sacrifice everything that has stood between it and the whole truth, everything that tempted it and which often led it into error." (Küng 1968:289.)

- "The standard for unity must be the Gospel of Jesus Christ"

  Küng (1968:291) postuleer dat "The Church itself cannot be standard, nor can the individual Churches, otherwise we will merely perpetuate the divisions which exist. The only standard is the Gospel of Jesus Christ". Die verskillende Kerke/gemeenskappe (status quo) moet elkeen op sigself gemeet word aan die enigste norm waaraan die Kerk gemeet kan word: die Evangelie van Jesus Christus. Küng (1968:293) stel dit baie duidelik dat ons nie na die Here se stem moet luister in *ons Kerk* nie, maar slegs na die Here se stem: "The road to unity is not the return of one Church to another, or the exodus of

> one Church to join another, but a common crossroads, the conversion of all Churches to Christ and thus to one another."

Kerkeenheid is tans in Suid Afrika 'n baie aktuele en komplekse aangeleentheid. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het tydens 'n nasionale Colloquium oor Kerkwees die volgende geformuleer (Colloquium 2006):

> Die Kerk van Christus is veelkleurig, soos weerspieël word deur die verskeidenheid wat aangetref word onder Kerke, gemeentes en gelowiges. Wisselende skakelings van spiritualiteit, ervarings van God en liturgiese vorme word daarom binne die kontoere van die Kerklike tradisie, en is verrykend. Ons sien pluriformiteit en diversiteit nie as 'n bedreiging nie en oordeel nie dat almal uit een mond hoef te praat nie. Anders as verskeidenheid, is die eenheid van die Kerk egter wel die evangeliese eis. Eie voorkeure mag nie tot konflik of onenigheid lei nie, maar moet saamklink soos 'n simfonie tot eer van God.

Volgens Van der Merwe (VTT Lesings: *Kerkeenheid in* 'n *postmoderne idioom*: 7-8 November 2006) het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika "bewustelik of onbewustelik 'n komplementêre Kerkbegrip." Die komplementêre Kerkbegrip verteenwoordig 'n denkmodel waarvolgens sodanige veelheid en pluraliteit positief verstaan word en sekere Kerke desnoods op 'n bepaalde manier geskakel word ten einde hulle toe te laat om mekaar (positief) te beïnvloed en te komplementeer. Volgens Van der Merwe kom dit neer op 'n dialektiese spanning tussen 'n voortdurende soeke na eenheid en die akkommodering van pluraliteit van spiritualiteit, liturgiese tradisies, Kerkordelike en Kerkstrukturele tradisies en Kerkgenootskappe. Die komplementêre Kerkbegrip gee doelbewuste erkenning aan sinvolle skakelings ten einde iets van die volheid van Kerkwees en geloofsbelewenis te realiseer (dit wat Pannenberg as katolisiteit kwalifiseer).

Eenheid word alleen getoets en gekontroleer in terme van die kruis van Jesus Christus. Die kruis alleen is die eerste en laaste teken van die een, nuwe Koninkryk van Jesus Christus.

### 3.4.1.2 Die Kerk is heilig (*credo sanctam ecclesiam*)

Die teoretiese eenheid van die Kerk staan egter in felle kontras met die empiriese werklikheid wat verdeeld en gefragmenteerd voorkom. Dieselfde spanning tussen teorie en praktyk is merkbaar met betrekking tot die heiligheid van die Kerk. Hoe is dit moontlik om die gedefinieerde heiligheid van die Kerk te versoen met die sonde van elke gelowige? Augustinus (soos aangehaal deur MC Grath 2001:499) meld in duidelike terme dat "[w]henever I have described the church as being without spot or wrinkle, I have not intended to imply that it was like this already, but that it should prepare itself to be like this, at the time when it too will appear in glory". 1 Joh 1:8 (NAV) sê dat "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie."

Die begrip *heilig* het in Engelse die assosiasies van "morality", "sanctity" en "purity", wat per se geen direkte verband toon met die gedrag van sondaars nie. Die Hebreeuse begrip *kadad* wat onderliggend is aan die Nuwe Testamentiese konsep "heiligheid" het volgens Mc Grath (2001:499) "the sense of being 'cut off' or being 'separated' ". In hierdie begrip is daar sterk botone van toewyding: om heilig te wees impliseer om toegewy te wees tot diens aan God. Küng(1968:324) bied die volgende verduideliking hiervan:

> The Old Testament word '*kadad'* implies a separation and a cutting-off, a distinguishing and dividing of what is profane and impure from what is pure. It implies a separation for God's service; pure things become holy by being removed from their profane usage and dedicated to God…This sense of separation is carried on in the New Testament word '*hagio*s' and the Latin word ''*sanctus'*, which comes from '*sancire'*, to limit, enclose, sanctify, and is the opposite of '*profanus'*, meaning that which lies outside the holy area, the '*fanum*'.

Die begrip *heilig* wil aandui dat die lede van die gemeenskap mense is wat afgesonder is vir God, deur God en in die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Deur sy/haar doop word elke lidmaat ingelyf by die dood van Jesus Christus en daarom behoort die Kerk nie meer aan haarself nie, maar aan God, sodat "[w]hat 'sanctifies' it is rather what it receives: the Word (John 15:3; Eph 5:26), baptism (Eph 5:26), the Lord's Supper (cf., without the term,

1 Cor 11:27ff.), the gift of the Spirit, the self-giving of Jesus Christ (cf. 1 Cor 1:30)." (Weber 1983:560.)

Die fundamentele element met betrekking tot die Ou Testamentiese begrip *heiligheid* is die beskrywing van iets of iemand wat die Here aan Hom toewy. In die Nuwe Testament word die begrip egter beperk tot *persoonlike heiligheid.* Mense is heilig in die sin van dat hulle toegewy is aan God en onderskei word van die wêreld op grond van hulle roeping deur God. McGrath (2001:499) wys daarop dat sommige teoloë'n korrelasie voorgestel het tussen "the idea of 'the church' (the Greek word for which can bear the meaning of 'those who are called out') and 'holy' (that is, those who have been separated from the world, on account of their having been called by God)."

God heilig die Kerk (1 Kor 6:11). Hierdie heiligheid is nie op sigself die resultaat van die heilige lede van die Kerk of geleë in gebruike en rituele nie. Heiligheid beteken nie op sigself 'n "hoër dimensie of sfeer" nie. Die openbaring van God se heiligheid bring verlossing en bevryding vir die Kerk en derhalwe ook heiliging. Die Kerk word deur die Heilige Gees gelei tot 'n nuwe gemeenskap en die doel van die heiligmaking is om die vrugte van die Gees te lewer wat pas by die nuwe Koninkryk van God. Moltmann (1977:354) beskryf dit soos volg: "As the sanctified they therefore sacntify the world. They themselves set apart and destine for the kingdom of God whatever they reach."

Die heiligheid waarna die belydenisskrifte verwys is die heiligheid van Jesus Christus wat Hom besig hou met sondaars. Heiligheid word nie deur die instituut geskep of in stand gehou nie, maar "[t]he holy Church exists wherever in the world of everyday life men hear the word of God's grace and love, believe it and only it by handing on the love given to them in their acts for their fellow men." (Küng 1968:330.)

Die heiligheid van die Kerk is nie *per se* vervat in die "vorm" van Kerkwees nie. Heiligheid is nie 'n institusionele aangeleentheid nie, maar. "Die 'heiligheid' van die Kerk is haar innige verbondenheid met God in Sy Woord ... alleen onder die heerskappy van die Woord leef die Kerk en is die Kerk

wat hy moet wees: een, heilig, algemeen en apostolies." (Heyns 1992:328.) Die gemeenskap van die heiliges is direk 'n resultaat van die heiliging en regverdiging van Jesus Christus (1 Kor 1:30).

Die Hervormers van die 16de eeu het onder die begrip *congregatio sanctorum* verstaan dat die "een, heilige, Katolieke Kerk" 'n gemeenskap van heilige mense is. Die heiligheid van die Kerk is 'n saak wat alleen in verhouding met Jesus Christus omskryf en verstaan kan word, en " the holiness of the Church does not stem from its members and their moral and religious behaviour." (Küng 1968:324.) Hierdie dimensie van Kerkwees kom krities onder bespreking vanweë die feit dat die empiriese Kerk soveel tekens en fasette van onheiligheid en afvalligheid toon. Die Kerk is alleen heilig vanweë die feit en in soverre sy deur Jesus Christus geheilig word. Hierdie Kerk word deur Jesus Christus aan God gewy, volgens Ef 5: 25-26 (NAV 1983): "[25]…soos Christus die Kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. [26]Dit het Hy gedoen om die Kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het …" Pannenberg (1998:406) voer voorts aan dat "By baptism the ascended Christ did not just found his church at the first; he also continues to sanctify people for God as they die to sin in baptism and as members of his body constitute his holy church." Die sakrament van die doop bevestig en verkondig gemeenskap met Jesus Christus en sy Kerk. Deur die doop word gelowiges ingelyf by die dood en der halwe ook by die lewe van Jesus Christus.

Die Kerk moet haarself deur die Heilige Gees laat her-vorm/herskep om al meer die wil van God te laat gebeur: "Reform is a way in which the Church fulfills the will of God, following in the footsteps of Christ with its eye on the coming of the kingdom." (Küng 1968:340.) Volgens Küng (1968:340) beteken die begrip *re-formare* om nuwe vorm aan iets te gee; om die vorige, beter vorm te herstel; herstel van misvormde kenmerke/eienskappe of "to give the proper form according to its real nature."

Moltmann (1977:355) bevestig dat die heilige Kerk 'n her-vormde/her-skeppende Kerk van nuwe kontekste is. In haar wese is die Kerk dus altyd *ecclesia reformata et semper reformanda.* Dit kom daarop neer dat "Through continual new conversion and permanent reformation it testifies to

the coming *reformatio mundi* which is already present in the Spirit – the 'new order of all things' in the kingdom of God, and the sanctification of the whole creation in the glory of God." (Moltmann 1977:355.) Die Kerk se heiligheid rig haar besig wees op die Koninkryk van God. Sy word in die proses van dienslewering en deelname in die wêreld al meer gereinig, gelouter en geheilig. In die opneem van haar eie kruis manifesteer die Kerk die koninkryk van God.

In haar barensnood breek die genade van 'n nuwe werklikheid weer en weer deur. Paulus getuig van hierdie bipolêre spanning waarmee die dissipel van Christus gekonfronteer word: "Ons ontvang eer en oneer, ons word beledig en geprys. Ons word behandel as verleiers, en tog is ons betroubaar; as onbekendes, en tog is ons goed bekend; as sterwendes en, soos julle sien, ons lewe; as gestraf, maar ons is nie doodgemaak nie; as bedroefdes, en tog is ons altyd opgeruimd; as armes, maar ons maak baie ander ryk; as mense wat niks het nie, en tog besit ons alles." (2 Kor 6: 8-10:NAV.)

As God se krag volmaak geopenbaar word deur swakheid (2 Kor 12:9) dan is die Kerk se heiligheid kragtig in haar armoede en lyding in hierdie wêreld. In gemeenskap met Jesus Christus alleen word die Kerk die "arm mense" van die koninkryk van God en word hulle deur die Gees van die Kerk geheilig en geseën.

Haar heiligheid roep die Kerk tot aktiewe diens in die wêreld maar beslis ook tot lyding. Die kruis van Jesus, haar Verlosser sluit vergesigte oop en dwing elke navolger van Christus om heilig en onberispelik te leef, sodat "[t]he saints who were revered by the church in a particular way were the martyrs, who in the visible fellowship of the crucified Jesus testified to his invisble glory." (Moltmann 1977:355.)

Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê die Kerk is 'n heilige vergadering. Die gebeure waarrondom hierdie vergadering byeenkom is die heilshandelinge van God en die geloofshandelinge van mense. Die heilshandelinge van God plaas die mens in 'n nuwe verhouding met God, met mekaar en in 'n nuwe verhouding met die wêreld. Hierdie nuwe toestand/status voor God dring die mens om, soos God, heilige te lewe.

Die Kerk is tegelyk *communio peccatorum* en *communio sanctorum.* Die Kerk is alleen heilig daar waar die mens se sonde bely word en hy/sy deur Jesus Christus regverdig word. In 1 Joh 1:8 word laasgenoemde bevestig: "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie." (NAV 1983.) Moltmann (1977:354) beskou die openbare erkentenis/belydenis (ten opsigte van slawerny en rassisme) van die Protestante Kerke in Duitsland en Japan na afloop van die 2de Wêreldoorlog as simbole van die Kerk se heiligmaking. Moltmann interpreteer skuld en sonde as tegelyk persoonlik en sosiaal.

#### 3.4.1.3 Die Kerk is katoliek

Die uitdrukking *katoliek* (καθολικὸσ) is afkomstig van die bywoord καθ' ολου (*kath'holou*) wat "algemeen" of "universeel" beteken. In Latyn kom die begrip as *catholicus* tot uitdrukking. Alhoewel die begrip nie in die Nuwe Testament voorkom nie word dit volgens Moltmann (1977:347) vir die eerste keer gebruik deur Ignatius van Antiochië (110): "Let that be considered a valid eucharist which is celebrated by the bishop, or by one whom he appoints. Wherever the bishop appears let the congregation be present; just as *wherever Jesus Christ is, there is the catholic church."* (*Smyrn*. 8. 1f.) In die Nuwe Testament word daar konsekwent gebruik gemaak van die begrip *ekklesia* as daar na 'n plaaslike Kerk of geloofsgemeenskap verwys word.

Aan die einde van die 4de eeu het die term *ecclesia catholica* die betekenis gekry van "the imperial church", die enigste wettige godsdiens in die Romeinse Ryk. Enige ander vorm van geloof (ingesluit die Christelike geloof) is onwettig verklaar. Aan die begin van die 5de eeu was die Christendom egter sterk gevestig en is die begrip *katoliek* geïnterpreteer as "embracing the entire world" (Mc Grath:501.)

In terme van die ontwikkeling van die betekenis van die begrip *katoliek* meld Mc Grath (2001:501) die volgende drie ontwikkelingsfases:

- 'n Universele en allesomvattende Kerk, wat individuele plaaslike Kerke ten grondslag het. Die omskrywing van die katolisiteit van die Kerk was gerig op die feit dat die plaaslike Kerk 'n

verteenwoordiger van die universele Kerk is. Hieruit blyk dit duidelik te wees dat daar 'n sterk korrelasie bestaan tussen die eenheid en die katolisiteit van die Kerk.

- Die begrip *katoliek* het vervolgens verwys na die ortodokse teologie van die Kerk. Die begrip was sterk voorskrywend en polemies van aard. Katolisiteit was die teenpool van skeuring en kettery, waardeur individuele Kerke hulself buite die grense van die ortodokse leer geplaas het.
- Met 'n groter apostolêre bewussyn het die Kerk 'n uitgestrekte en uitgebreide Kerk geword. 'n Sterker fokus is geplaas op die geografiese verwysingsraamwerk waarbinne elke plaaslike Kerk die katolieke Kerk verteenwoordig.

Thomas Aquinas (volgens Mc Grath 2001:502) beskryf die Kerk as Katoliek ten opsigte van haar geografiese, antropologiese en chronologiese universaliteit. Met betrekking tot die Reformasie het die hervormers klem daarop geplaas dat hulle steeds deel is van die katolieke Kerk ten spyte van die gefragmenteerde voorkoms van die Kerk. Historiese en institusionele kontinuïteit was sekondêr ten opsigte van leerstellige getrouheid, en gevolglik "mainstream Protestant churches insisted they were simultaneously catholic and reformed – that is, maintaining continuity with the apostolic church at the level of teaching, having eliminated spurious non-biblical practises and beliefs." (Mc Grath 2001:502.)

McGrath (2001:500) maak melding van ouer weergawes van die Engelse Bybel wat na die Nuwe Testamentiese briewe – Jakobus en Johannes – verwys as "catholic epistles". Die bedoeling hiervan was om juis die gerigtheid van hierdie briewe (*vir al die Christene*) duidelik en effektief te kommunikeer. Hierteenoor word die briewe van Paulus direk gerig tot die behoeftes en situasies van spesifieke gemeentes.

Die begrip is in die eerste eeue van die Kerkgeskiedenis gebruik as kenmerk van die ware Kerk om haarself af te grens van die verdeeldheid en die kettery waardeur sy bedreig was. Na die Reformasie is die begrip *katoliek* konsekwent vervang met die begrippe *algemeen* en selfs *Christelik*. Die begrip *katoliek* dui onder geen omstandighede op 'n verband tussen die

Rooms-Katolieke Kerk en die belydenis dat die Kerk katoliek is nie. Om die Kerk te vrywaar van persepsies in die verband, het baie Protestante Kerke met betrekking tot die geloofsbelydenisse die term *katoliek* vervang met *algemeen* en *universeel*.

Dat die Kerk as *katoliek* of *algemeen* beskryf word hou verband met die feit dat die Kerk altyd gerig is op die geheel en die universele. Die gerigtheid op die universele staan direk in verband met die heilshandelinge van God wat gerig is op die universele. Katolisiteit is volgens Küng (1968:300) ’n kwessie van totaliteit. ’n Beskrywing oor die katolieke aard van die Kerk hou nie op sigself verband met die Kerk se inherente vermoë om oop en inklusief te funksioneer nie. Die katolieke aard van die Kerk getuig allereers van die grenslose Heerskappy van die Here van die Kerk, Jesus Christus: “Where, and so far as, Christ rules, there, consequently, the church is to be found.” (Moltmann 1977:338.)

Die plaaslike gemeente/gemeenskap is op legitieme wyse gemeenskap van God in soverre dit ’n weerspieëling en ’n manifestering is van die groter geheel (die “universal church”). Dit beteken dat “[t]he Total Church is the Church as manifested, represented and realized in the local Churches. Inasmuch as the Church in this sense of the total Church is the entire Church, it may be called, according to the original usage of the word, the catholic, that is the whole, universal, all-embracing Church.” (Küng 1968:300.)

Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis plaas ’n besonderse aksent op die algemeenheid van die Kerk. Die Kerk is ’n heilige vergadering van *almal* wat waarlik in Christus glo, wat *almal* hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag. Hierdie Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees. Verder word daar met betrekking tot hierdie Kerk bely dat hierdie heilige Kerk nie geleë is in, gebonde is aan of beperk is tot ’n sekere plek (Hand 17:24) of sekere persone nie, maar is dit oor die hele wêreld versprei en verstrooi.

Die Kerk is volgens Moltmann (1977:348) ruimtelik katoliek – sy is oor die hele aarde versprei en teenwoordig (Hand 1:8) (*oikumene/oecumene*),

asook temporeel katoliek, deur haar teenwoordigheid in elke periode van die geskiedenis (Matt 28:20). Hierdie kenmerk van die Kerk beskryf nie ’n statiese aspek van haar wese nie, maar fokus eerder op haar dinamiese interaksie met die hele wêreld. Die “katolieke” Kerk is ’n Kerk in momentum, op ’n sending, gerig op die volledige skepping van God. In haar katolisiteit verteenwoordig die Kerk die eskatologiese “universele gemeenskap”. Die plaaslike Kerk en ’n spesifieke gemeente is derhalwe ’n manifestasie of ’n verteenwoordiger (*embodiment*) van die een universele Kerk.

Weber (1983:561) waardeer die Kerk as gemeenskap van Jesus Christus altyd ekumenies en maak die uitspraak dat “the unity of the church consists of intensive catholicity – the Community of Jesus Christ is essentially universal. Conversely, the catholicity means the extensive unity of the Church – the Community of Jesus Christ is never bound to its spatial and temporal limitations, never dependent on the conditions which influence it in the place it happens to be.”

Pannenberg (1998:407) benader die begrip *katolisiteit* kwalitatief. Die volheid van die Kerk se eskatologiese gerigtheid manifesteer in enige historiese moment in die openheid van die Kerk om te transendeer na die beeld van Christus. Ons lees daarom in Ef 4:13: “So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, Sy Kerk, soos ’n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.” (NAV:1983.)

Ware katolisiteit impliseer dus ’n openheid tot gemeenskap (*fellowship*) met ander, en “The catholic church … does not consist primarily of a global organization and structure of order that embraces all local churches. It finds manifestation in the local churches and through the fellowship with one another” (Pannenberg 1998:408). Katolisiteit is vir die Kerk van die Here ’n saak van groot erns juis vanweë die sterk fokus op partikulariteit in die postmoderne samelewing. Heyns (1992:329) belig die begrip katolisiteit (*kata* + *holos*) vanuit vier verskillende perspektiewe:

- *Kontinuele katolisiteit*

Die Kerk se bestaan kan nie as momenteel beskryf word nie. Die Kerk bestaan naamlik nie net af en toe met tussenposes nie, maar onafgebroke. Die Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daarwees tot die einde toe. Die "daarwees" van die Kerk hou nie verband met die interne vitaliteit van die instituut nie, maar hou direk verband met die aanwesigheid van Jesus Christus, die Here en Hoof van die Kerk.

- *Ekstensiewe katolisiteit*

Artikel 27 van die NGB sê verder dat hierdie Kerk nie gebonde is aan of beperk is tot 'n sekere plek of persone nie, maar is oor die hele wêreld versprei.

- *Kwalitatiewe katolisiteit*

Die mense wat aan hierdie Kerk behoort word deur artikel 27 gekwalifiseer as mense wat in Jesus Christus glo, hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag, en deur die Heilige Gees geheilig en verseël is. Volgens Heyns (1992:330) kan die Kerk waarlik katoliek wees wanneer die Kerk onvoorwaardelik gehoorsaam is aan die Woord van God: "Slegs die Kerk wat soek en bly soek na die voller begrip van en insig in die volheid van die openbaring wat in die Woord tot sy beskikking gestel is, en dan ook gewillig is om in die lig daarvan steeds sy eie posisie en standpunte in heroorweging te neem, verwerklik sy algemeenheid." (Heyns 1992:330.)

- *Pluriforme katolisiteit*

Die Kerk bestaan verder uit mense uit wat, hoewel hulle verspreid en verstrooid is oor die hele wêreld, vervul is met 'n verwagting van hulle saligheid, en tog met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig is. Heyns (1992:330) verduidelik: "Met die begrippe *verwagting*, *hart* en *wil* enersyds en *verspreiding* en *verstrooiing* oor die hele wêreld andersyds, is 'n sterk aksent op die element van die subjektiewe en met name op die verskeidenheid in die subjektiewe gelê". Die evangelie is één, want die Woord is één en die waarheid is één. Só is ook die Heilige Gees wat die verligting in die harte van mense werk, één. Maar wanneer die objektiewe waarheid in die subjektiewe bewussyn

geformuleer word en beleef moet word, tree ’n verskeidenheid van vorme na vore.

Met betrekking tot die katolisiteit van die Kerk maak Küng (1968:301) die volgende bydrae: Katolisiteit is nie primêr ’n geografiese, statistiese sosiologiese of historiese konsep nie, maar “an all-embracing identity which at bottom makes a Church catholic, the fact that despite all the constant and necessary changes of the times and varying forms, and despite its blemishes and weaknesses, the Church in every place and in every age remains unchanged in its essence, whatever form it takes: this must be its aim and its desire.”

Een van die grootste uitdagings van die Kerk binne ’n postmoderne samelewing is om die verskeidenheid binne die éénheid te handhaaf. Verskeidenheid binne hierdie éénheid moet sigbaar gestalte kry in elke gemeente.

#### 3.4.1.4 Die Kerk is apostolies

Die begrip *apostolies* word beperk tot Christelike gebruik. Die fundamentele betekenis van die begrip hou verband met die getuienis en opdrag van die apostels. McGrath (2001:503) bied die volgende verduideliking hiervan aan: “In declaring the church to be ‘apostolic’, the creeds thus appear to emphasize the historical roots of the gospel, the continuity between the church and Christ through the apostles whom he appointed, and the continuing evangelistic and missionary tasks of the church.”

Dat die Kerk in haar wese apostolêr is, word nie in die Bybel spesifiek omskryf nie. Ignatius van Antiochië en die *Martyrdom of Polycarp* (16:2) (soos aangehaal deur Küng 1968:345) verwys na die Kerk as apostolies. Volgens Küng (345:1968) beteken die begrip in sy mees basiese vorm: “having a direct link with the apostles of Christ.” Alhoewel die twaalf apostels direk geassosieer word met die omskrywing van die apostolisiteit van die Kerk, is Christus egter self die oorsprong daarvan. Teologies gesproke het die gemeente geen ander identiteit as ’n missionêre identiteit nie (Nel 1994:28.) Dit is gevolglik krities dat ’n bepaalde gemeente nie net ’n

missionêre perspektief handhaaf nie, maar in haar wese 'n missionêre organisme is.

Küng (1968:347) maak ten opsigte van 'n beskrywing van die apostolêre dimensie van die Kerk 'n tweeledige onderskeiding: "Apostles are (a) those who are witnesses of the risen Lord, to whom the crucified Lord has revealed himself as living; (b) those who have been commissioned by the Lord – ambassadors – for missionary preaching."

Dit is egter noodsaaklik dat daar kennis geneem word van die feit dat God self die subjek van die sending is – *missio Dei.* Die *marturia,* die getuienis deur woord en daad, het sy werklike oorsprong nie in die getuie self nie maar in God. Só bring Paulus volgens Küng (1968:348) sy eie apostelskap direk in verband met sy Damaskus-ervaring (Galasiërs 1:15-17).

In 1 Kor 12:28 en Efes 4:11 word daar na die feit verwys dat God apostels in die Kerk aangestel het met 'n spesifieke opdrag: "The apostles as the messengers, witnesses and authorized representatives of the crucified and risen Lord, as preachers, teachers, founders and leaders of the communities, are first in the Church." (Küng 1968:353.) 'n Duidelike korrelasie bestaan daarom tussen Kerkwees en die getuienis aangaande Jesus Christus, wat soos volg beskryf word deur Küng (1968:353): "The Church is founded on this apostolic witness and ministry, which is older than the Church itself." Volgens Van Aarde is die bekering van die Kerk 'n voorwaarde om aan die Kerk se sending legitimiteit te verleen (2006:107).

Bosch (1979:80) meld dat die missionêre perspektief in die Ou Testament primêr sentripetaal georiënteer word om uitdrukking te gee aan die oortuiging dat *God*, en nie Israel nie, die outeur van die sending is. Horst Rzepkowski (soos aangehaal deur Bosch 1979:80) maak selfs die opmerking dat: "The decisive difference between the old and the New Testament is mission." Bosch (1979:80) meld verder dat dit foutief sou wees om die verskil tussen Ou en Nuwe Testament in die onderskeiding sentripetaal-sentrifugaal te soek. Vir 'n Bybelse fundering van sending is die erkenning aan 'n dialektiese en kreatiewe spanning tussen Gods werk en

mensewerk krities. Enige poging om dit onder 'n formule te bring of presies in 'n dogma vas te lê kan nie anders as aan die misterie verby te gaan nie.

Swete (soos aangehaal deur Mc Grath 2001:505) meld die volgende kriteria vir apostolisiteit:

- "planted in the world by the apostles"
- "adhering to the teaching of the apostles"
- "carrying on the succession of the apostolic ministry"

Die Kerk se apostoliese karakter kan alleen verdiskonteer word binne die raamwerk van die sending van Christus en die Gees. Moltmann (1977:357) en Küng (1968:344) bevestig dat die eenheid, heiligheid en katolisiteit van die Kerk alleen kan manifesteer deur haar apostolêre dimensie. Die apostolêre gerigtheid van die Kerk geskied altyd binne 'n historiese konteks, in die sin dat "[h]istorically the church has its being in carrying out the apostolate. In eternity the church has its being in the fulfilment of the apostolate, that is, in the seeing face to face."

Apostolaat word primêr gekonstitueer deur die openbaring van die opgestane Christus: "In the light of the appearances of the crucified and risen Christ the first Christian apostolate therefore takes on an eschatological meaning." (Moltmann 1977:359.) Die apostoliese gerigtheid van die Kerk is allereers 'n evangeliese gerigtheid: 'n proklamasie en 'n stuk verkondiging dat Jesus Christus die opgestane Here van Sy Kerk is, en "[t]he Reformers therefore demanded that the proclamation of Christ be made the criterion of apostolicity." (Moltmann 1977:359.) Die Woord, die Evangelies en die Getuienis aangaande Christus is die ware *apostolos.*

Die Kerk het in die besonder die aanstelling ontvang om die heilshandelinge van God te kommunikeer met die wêreld. By wyse van haar woorde en dade en gemeenskap met mekaar getuig die Kerk van Christus se Heerskappy. In die vervulling en aktualisering van haar apostolêre wesenskenmerk getuig die Kerk van 'n nuwe geloofsgemeenskap wat bestaan uit mense wat hulle tot God bekeer: "Eers wanneer jy grensloos kan dink en lewe, deur die 'outsider' as potensiële 'insider' te sien, gee jy

legitimiteit aan die belydenis van die Kerk dat die Kerk 'apostolies' is." (Van Aarde 2006:107.) Dit vra volgens Van Aarde verder dat die "Ander" – insluitende die straatkind, die prostituut, die anders-biologies geskape en anders-seksueel georiënteerde, die anders-volkige, die anders-gekleurde, die anders-godsdienstige – nie as onaanvaarbaar vir inkom in die Kerk te beskou nie, omdat hulle nie is soos jy is, of nie is soos jy hulle wil hê hulle moet wees nie.

In die getuienis en proklamasie van nuwe hoop word nuwe hoop 'n werklikheid in die gemeenskap van die gelowiges. "In this apostolic movement the church must continually orientate itself towards the future – the future of Christ which the first Christian apostolate talks about." (Moltmann 1977:360.)

Die apostoliese Kerk met 'n sterk sending-oriëntasie, het nie ten doel om nuwe "dogters"- en "susterskerke" met dieselfde vorm en institusionele identiteit te vestig nie. 'n Jong gemeente is nie soseer 'n vertakking van 'n ouer gemeente nie. Dit is inderdaad 'n "nuwe" gemeente met dieselfde apostolêre bewussyn. Die kontinuïteit is derhalwe nie geleë in die vorm of die institusionele aard van die Kerk nie, maar in haar apostolêre getuienis.

Die Christelike apostolaat neem kreatief en skeppend deel aan die vernuwende en skeppende werk van die Heilige Gees. Vir die doel mag die apostolaat nie gedemp word deur uiterlike vorm of organisering van 'n bepaalde Kerk nie. Dit het tot gevolg dat die Kerk in die uitleef van haar apostolêre roeping altyd konfronterend en kontroversieel sal wees. Haar apostolisiteit het nuwe kontekste tot gevolg. Apostolaat kan essensieel slegs vanuit 'n gebeurteniskarakter verstaan word. Onder die apostolisiteit van die Kerk word primêr verstaan dat die sending van die apostels deur die Kerk in 'n nuwe konteks sal realiseer. Pannenberg (1998:407) verduidelik:

> The church is authentically apostolic only when as a missionary church it remains ready to alter traditional ways of thinking and living, being renewed constantly on the basis of its origins, not for the sake of adjustment to the spirit of the times, but in order to be able to explicate in both a critical and a liberating sense the eschatological

truth of the revelation of God in Jesus Christ for each new generation and in each new situation.

Die sendingdimensie van die Kerk rig haar besigwees in hierdie wêreld verby die teenswoordige tyd op die eskatologiese vervulling van die koninkryk van God: "If the church acquires her existence from Christ's messianic mission and the eschatological gift of the Spirit, then her characteristics are messianic predicates at the same time." (Moltmann 1977:339.) Die apostoliese sending van die Kerk is verder gerig op die vernuwing en herlewing van die totale mensdom in en deur Jesus Christus, die Here van sy Kerk.

Die messiaanse sending van Christus en die eskatologiese gawe van die Gees figureer sterk in die beskrywing van die dimensies van die Kerk: Die Messias van die laaste dae sal die verdeeldheid kom herstel deur eenheid en vrede in die Koninkryk van God te kom vestig. Hulle wat deel word van hierdie eenheid word opgeroep om die nuwe basis te vorm van een-heid en gemeenskap met God. Die heiligheid van die Kerk is messiaans gerig op daarstelling van 'n nuwe skepping (gemeenskap) in Christus. Omdat die Kerk in Christus geheilig word, word lidmate opgeroep om hul te bekeer en regverdig te lewe.

Die Kerk se apostolisiteit word geaktiveer en geïnspireer deur die getuienis en verkondiging met betrekking tot die aanbreek van die messiaanse periode. So word die lidmate van die Kerk opgeroep om die Evangelie van Jesus Christus te leer en te leef.

In haar katolieke gerigtheid is die Kerk oop en toeganklik vir die wêreld in soverre sy oop en toeganklik is vir die Koninkryk van God. Almal wat deel uitmaak van hierdie nuwe skepping van God, word opgeroep om oral te getuig met betrekking tot die alles omvattende Koninkryk van God. Dit is vir die Kerk noodsaaklik om haar met nuwe toewyding, inspirasie en kreatiwiteit apostolêr te rig vanweë die feit dat sy van haar roeping afwyk op pad na 'n onsekere toekoms, in dis sin dat "the Church can only be truly one, holy and catholic if it is in all things an apostolic Church." (Küng 1968:344.)

Die geloofsbelydenis van Nicea noem die Kerk *apostolies*. Volgens Heyns (1992:332) beteken apostolisiteit gevolglik die Kerk se gerigtheid op en haar verantwoordelikheid met betrekking tot die uitdra van die evangelie aan die wêreld. Kasper (1977:140) merk in hierdie verband ook op:

> If the Easter faith and thus faith in Christ rests upon the testimony of the apostles, then the only means of access to it that we have is through apostolic witness which is handed down in the Church as the community of believers. Only in and through this witness is the Risen Christ, through his Spirit, a present actual reality in history, for historical reality is never independent of the fact that it is known in history. In this sense, in fact only in this sense, can it be said: Jesus is risen in the kerugma. He is a permanent presence in history through the witness of the apostolic Church.

"Belonging to Jesus Christ thus separates the church from all the selfishness and contentiousness of the world. It also means sending into the world just as Jesus Christ was sent." (Pannenberg 1998:406.)

## 3.5 WAT MAAK DIE KERK WARE KERK?

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, soos vervat in die *Diensboek* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1997:128), bely met betrekking tot die kenmerke van die Kerk (*notae ecclesiae*) in artikel 29 soos volg: "Die kenmerke waaraan ons die ware Kerk uitken, is die volgende: Wanneer die Kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het, en die Kerklike tug gebruik om die sondes te straf." Volgens Heyns (1992:327) is hierdie eienskappe gawe én opgawe; indikatief én imperatief. Daar moet ook 'n onderskeid gemaak word tussen die kenmerke en die eienskappe van die Kerk: die kenmerke kan as die voorwaardes vir Kerkwees gesien word, terwyl die eienskappe die gevolge van Kerkwees is (Heyns 1992:343).

### 3.5.1 Die suiwer bediening van die Woord

Die Woord van God is die bron van lewe in die Kerk. Wat die Kerk is en wat die Kerk glo, gebeur en word gevorm deur die Evangelie van Jesus Christus.

### 3.5.2 Die suiwer bediening van die sakramente

Die suiwer bediening van die sakramente (doop en die nagmaal) is 'n volgende kenmerk waardeur die ware Kerk gebind word. Die sakramente het nie per se 'n eie selfstandige bestaan, lewe of boodskap los van of teenoor die Woord nie. Die sakramente is deur Jesus Christus self ingestel en die bedoeling daarvan is tot versterking van die geloof.

### 3.5.3 Die toepassing van die Kerklike tug

"Die doel van die tug – wat selfs kan uitloop op die losmaak of afsny van die gemeente, het die bekering van die sondaar voor oë en die bewaring van die heiligheid van die Kerk." (Heyns 1992:344.) Die handhawing en toepassing van die tug is 'n kenmerk wat ook direk van toepassing is op die ware Kerk.

## 3.6 Spiritualiteit en identiteit

Met betrekking tot die identiteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het die Kerk oor haarself soos volg besin: Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil Kerk *wees* en tegelykertyd altyd weer Kerk *word*. Dit impliseer dat die Kerk haarself voortdurend moet posisioneer ten opsigte van die konteks (konkrete wêreld) waarbinne die Here ons Kerk laat wees. Deur die krag en die genade van die Here heen, moet die Kerk die nood en die behoefte van hierdie geslag aanspreek. Vanuit hierdie gerigtheid is twee fokuspunte vir die Kerk belangrik:

- Die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika moet lewe saam met God / in die teenwoordigheid van God – *CORAM DEO.* Die lewe van 'n Christen is 'n lewe voor God gerig op God alleen.
- Die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika moet lewe in diens van God – *MISSIO DEI.* Die *missio Dei* moet egter uitmond in die *missio ecclesia* – 'n gemeente wat missionêr gerig lewe.

Deur die genade van ons Here Jesus Christus, is die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geroep en uitverkies om die verlossing wat die Kerk ervaar met die wêreld te deel en God te eer.


Die Kerk se wese/"lewe" gebeur in die wêreld deur geloofshandelinge heen. Ons deel hierdie geloofshandelinge met die wêreld soos volg:

- *Die viering van die redding in Christus tot verheerliking van God.* Dit gebeur deur lofprysing en aanbidding in gemeenskap met God en met mekaar.
    - Dit vind plaas:
        - in die erediens van elke Sondag
        - maar ook in die eer-diens van elke gelowige in die daaglikse lewe.
- *Die betuiging van die redding in Christus deur verkondiging, getuienis en onderrig (of lering).*
    - Dit gaan dus hier oor al die maniere waarop die gemeente die inhoud van die Woord self ken en oordra deur
        - prediking en sakramente,
        - getuienis en evangelisasie,
        - kategese en onderrig in die leer van die Kerk, toerusting en
        - Bybelstudie.
- *Die deling in en versorging van medegelowiges en na buite met die redding in Christus.*
    - Dit neem sigbaar vorm aan
        - in geestelike en fisiese versorging en onderlinge bemoediging
        - en die skep van 'n tuiste vir gelowiges en vir hulle wat van buite inkom.
- *Die bediening van die redding in Christus deur opofferende liefdesdiens en hulpverlening aan alle mense. Hierdie dienswerk gaan in die nood van die gemeentelede en die wêreld waarin die gemeente lewe.*

- o Dit vind besondere toespitsing in die barmhartigheidswerk in die gemeente en die wêreld.

Diagrammaties kan die Kerk as gebeure voorgestel word soos in die volgende figuur (Basistoerustingspakket 2004a:14).

**Figuur 3.1: Die Kerk as gebeure**




## 3.7 SAMEVATTING:

Vanuit 'n etimologiese perspektief wil dit voorkom asof die begrip *Kerk* meer fokus op dinamiese "vergadering"/"saamwees" van gelowiges rondom die Woord van God. Dit wil ook voorkom asof die begrip nie 'n afgebakende en statiese voorkoms het wat aan spesifieke kwaliteite hoef te voldoen nie. Vanuit 'n Bybels-Reformatoriese perspektief is dit egter wel duidelik dat die ware Kerk (*ecclesia visibilis*) sekere kenmerke en eienskappe vertoon. Dog mag die "vorm" wat die Kerk aanneem nie opgaan in hierdie eienskappe en

kenmerke nie. Die "essensie" moet te alle tye die fokus van die vergadering/samekoms bly.

Die oordrewe "verstaanskomponent" met betrekking tot die essensie van die Kerk het prominent in die vorm van Kerkwees begin deurslaan. Die Woord-gebeure (sakramente) het 'n sekondêre rol gespeel ten opsigte van dit wat daardeur uitgebeeld word. Vanweë die aard van die postmoderne samelewing sou daar verwag kon word dat die fokus eerder op die gebeure en die essensie moes wees as die "kognitiewe" verstaan daarvan: "Ratio en emotie zijn tegenwoordig nauw met elkaar verbonden, waar ze vroeger ook los van elkaar konden worden 'bediend'. Dit betekent heel praktisch dat lange betogen, aaneenschakelingen van argumenten over een bepaalde waarheid niet meer opgepikt worden. Wat men wil overdragen moet helder, betrokken en beeldend gebracht worden, dan dringt het echt door en kan men er iets mee in het eigen leven." (Dekker & Visser 2002:228.)

Alles wat die Kerk is en doen behoort 'n missionêre dimensie hê: "Dit beteken dat ons in tye soos die waarin ons nou leef en Kerk moet wees, buitengewoon sensitief moet wees vir die vrae, nood en behoeftes van mense, maar nog meer sensitief vir die stem van God wat juis deur ons as Kerk die wêreld en Sy mense wil bereik." (VTT 2004a:17.) Volgens Nel (1994:28) is die apostolisiteit van die Kerk baie meer as net 'n eienskap van die Kerk: "Dit is ook nie maar 'n gevolg van Kerkwees nie, dit is inderdaad 'n voorwaarde vir Kerkwees." Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk beklemtoon in hul agenda (Deel 1 Dokumentebundel 2007:48) dat identiteit nie primêr in menslike kulturele uitdrukkingsvrome gevind behoort te word nie, maar in radikale navolgingskap (dissipelskap) van Jesus Christus.

Sekerheid met betrekking tot die Kerk se identiteit sou haar daartoe in staat stel om kontekstueel meer effektief te ontsluit: "This is not a suggestion that organizations exist in a totally reactive state. There is an essential role for organizational intent and identity. Without a clear sense of who they are, and what they are trying to accomplish, organizations get tossed and turned by shifts in their environment." (Wheatley 2005:39.)

Rondom die identiteit van die Kerk is dit noodsaaklik om kreatief en buite die normale raamwerk te dink: "Organizations too must move beyond the boxes they have drawn to describe roles and relationships" (Wheatley 1999a:109). Ströh en Jaatinen (2001:148-165) toon aan dat organisasies wat 'n openheid toon ten opsigte van hul eksterne omgewing baie meer bewus is van hul eie unieke identiteit: "If an organisation builds on its core competencies it can adjust and respond much faster to new opportunities because it is not fixed."

Vanuit 'n leierskapperspektief is mense die enigste konstante faktor in die wêreld van kompleksiteit en verandering. Derhalwe behoort die gemeente haar lidmate met groot sensitiwiteit te koester en lief te hê. Die gemeente sal die "nuwe" ruimte word waarin gelowiges sinvolle en effektiewe verhoudings met ander gelowiges kan smee. Relasionele aangeleenthede sal vir die Kerk in alle opsigte prioriteit aangeleenthede moet wees.

Organisasies funksioneer nie gedetermineerd en meganies soos masjiene nie en nog minder kan mense binne hierdie grense van gedetermineerde denke beperk of geïnhibeer word. Deur die Kerk organies te benader word nuwe ruimtes geskep waarbinne lidmate op meer spontane en natuurlike wyse met mekaar verbind word.

Leierskap is die medium waardeur die bipolêre spanning tussen die identiteit van die Kerk en 'n postmoderne samelewing ontlaai word. In hoofstuk 4 word leierskap in 'n transformerende wêreld beredeneer.